# HOOFSTUK 4

# RESIDENSIËLE ONTWIKKELING EN BEHUISING

Die ontwikkeling van residensiële gebiede en behuising het rigting gegee aan die bestuur van die dorp en die ontwikkeling van kenmerkende sosio-kulturele patrone. Die sosiale demarkasie van inwoners volgens etniese groeperinge is die gevolg van die nasionale politieke beleid en ontwikkeling van groepsgebiede. Die sosiale demarkasie het ook die ontwikkeling van Blanke woongebiede met sub-ekonomiese behuising vir laer-inkomstegroepe wes van die Sentrale Besigheidsdistrik (SBD) tot gevolg, terwyl woongebiede vir middelklas tot hoër-inkomstegroepe hoofsaaklik noord-oos van die SBD ontwikkel is. In hierdie ontwikkelingspatroon was die vestiging van residensiële gebiede, lokasies, vir Swartmense, Bruinmense en Indiërs op die westelike periferie van die dorp gefokus.

Nywerheidsontwikkeling en die instelling van groepsgebiede het in die vyftiger en later jare tot die ontwikkeling van residensiële gebiede vir Swartmense en Indiërs op die suid-oostelike periferie gelei. Hierdie ontwikkeling was gerig op die skep van 'n arbeidsbron vir die nywerhede en nie net om in die toenemende vraag na behuising vir Swartmense te voorsien nie. Die skepping van 'n munisipale infrastruktuur en die lewering van munisipale dienste het weinig verligting gebring in die sosiale ontwrigting van die Swartmense in dié woongebiede.[1] Die Stadsraad het binne die bestek van enkele jare duisende huise in Kagiso opgerig. 'n Kenmerk van hierdie ontwikkeling is die hoë digtheid, eenderse huise wat ry op ry na die straat front. Die enigste verskil is geleë in die aantal vertrekke van die huise.

Verstedeliking van Blankes het vandag in Suid-Afrika 'n hoë peil bereik. Die Indiër- en Bruinprofiel is nie ver van die profiel van die Blanke nie. Daarteenoor het die verstedelikingsproses vir Swartmense 'n versnellingsfase betree sedert die opheffing van politieke beheermaatreëls in die tagtigerjare.[2] Die verstedeliking van die Swartmense het baie aandag in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing geniet. Die proses wat die Bruinmense en Indiërs stedelinge laat word het, is nie so sistematies

---

[1] Die skepping van 'n munisipale infrastruktuur en die lewering van munisipale dienste word in hoofstuk vyf bespreek.

[2] I.J. van der Merwe, *Die stad en sy omgewing: inleiding tot nedersettingsgeografie*, p.48.

bestudeer nie. Die verstedeliking van Blanke Afrikaners hang ten nouste saam met veranderde ekonomiese strukture. Industrialisasie is deur die Regering, en Afrikaner-nasionaliste, gebruik om die armblanke-vraagstuk op te los, maar dit het nuwe probleme vir die stedelike Swartmense geskep en verstedeliking by die politieke "aktualiteit" van die dag betrokke gemaak. Deur middel van wetgewing het die Blanke die verstedelikingsproses van die Swartmense beheer en gerig.[3]

Verstedeliking is 'n universele veranderingsproses waardeur stedelike nedersettings groei en ontwikkel oor 'n tydperk waarin die gemeenskap van 'n oorwegend landelike karakter en leefwyse oorgaan tot 'n stedelike karakter en leefwyse. Die vlak en tempo waarteen die verstedeliking plaasvind het is bepaal deur onder andere ekonomiese, maatskaplike en historiese faktore.[4] Verstedeliking verwys enersyds na die proses van stedelike akkulturasie, met ander woorde die sosiaal-kulturele oorgang van die individu en gemeenskappe van 'n landelike na 'n stedelike lewenswyse. Aan die anderkant verwys verstedeliking na die fisiese migrasie van mense vanaf landelike na stedelike gebiede en die ruimtelike verspreidingspatroon van die stedelike bewoners.[5] Verstedeliking in Krugersdorp word in dié hoofstuk vanuit laasgenoemde invalshoek aangeraak.[6]

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het 'n groot ekonomiese effek op verstedeliking aan die Rand, en in Krugersdorp, gehad. Mynbou-ontwikkeling was tot in die dertigerjare die hoof ekonomiese faktor wat tot die verstedeliking van Krugersdorp bygedra het. Sedert 1933 het industriële groei as stimulus gedien. Verstedeliking het nog nie 'n versadigingspunt in Krugersdorp bereik nie, soos in die bespreking van die verstedeliking van Krugersdorp uitgewys sal word.

Die grondslag vir die ontwikkelingspatroon van Krugersdorp is in 1939 gelê met die goedkeuring van die dorp se eerste dorpbeplanningskema. Die ruimtelike verspreidingspatroon van die inwoners volgens die dorpbeplanningskema in etniese

3 F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedskrywing as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus*, pp.32,50,61, & 74.

4 I.J. van der Merwe, *Die stad en sy omgewing...*, p.38.

5 D. Dewar, A. Todes & V. Watson, *Theories of urbanisation and national settlement strategy in South Africa*, p.2.

6 Die sosiaal-kulturele aspekte van verstedeliking word in verskillende hoofstukke van die proefskrif vermeld.

groeperinge moet in die lig van die nasionale politieke beleid en segregrasie van bevolkingsgroepe gesien word.

'n Dorpbeplanningskema moet in die ruimtelike en fisiese aspekte van die wisselwerking tussen die mens en sy omgewing en aktiwiteite voorsien. Die ordelike rangskikking van grondgebruike binne 'n stedelike gebied moet deel uitmaak van die dorpbeplanningskema. Die behoeftes van die mens bepaal die aard van die grondgebruik wat benodig word. Hierdie behoeftes word soos volg deur Steyn opgesom:[7]

| **MENSLIKE BEHOEFTES WAT AANLEIDING TOT GRONDGEBRUIKE GEE** | | |
|---|---|---|
| **Behoefte** | **Aktiwiteit wat kan plaasvind** | **Tipe grondgebruik** |
| Fisiologies | Kry kos, soek skuiling, ontspan | Werkplek, woonplek, ontspanning |
| Veiligheid | Soek beskerming | Woonplek |
| Sosiaal | Ontspanning buite huis | Ontspanning en sportfasiliteite |
| Selfverwesenliking | Studeer, leer | Opleiding, onderrig |

**Figuur 16**

'n Dorpbeplanningskema moet dus na aanleiding van die bostaande behoeftes, ruimtelik voorsiening maak vir woongebiede, besigheidsentras, ontspanningsfasiliteite en opvoedkundige fasiliteite. Verder moet die skema die beweging van die individu tussen die verskillende gebiede en plekke van grondgebruik in aanmerking neem en dus ook voorsiening maak vir paaie en verkeersweë.

Dorpsbeplanning volgens Steyn het nie net te make met die stadspatroon nie, maar ook met die streek waarbinne die stad voorkom, die geografiese ligging van die stad en die mense wat daar woon, hulle sosio-ekonomiese omstandighede en kulturele behoeftes moet ook in aanmerking geneem word. Die dorpbeplanningskema moet daarom, na analogie van Steyn se ontleding van faktore wat aanleiding gee tot grondgebruike, aan die volgende basiese vereistes voldoen:

- Toeganklikheid van gebiede moet moontlik wees.

---

7 P.J. Steyn, *Grensafbakening van die Gereformeerde gemeentes binne die geografiese gebiede van Klassis Krugersdorp en Klassis Griekwaland-Wes: 'n Fisiese beplanningsondersoek* (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1992), pp.1,22-24.

- Bronne moet so ekonomies moontlik aangewend word.
- Ontwikkeling moet visueel so aangenaam moontlik wees.
- Grondgebruike moet op so 'n wyse georden word dat gebruike wat mekaar komplimenteer, saamgegroepeer word.

## 4.1. VERSTEDELIKING VAN KRUGERSDORP EN DORPSBEPLANNING SEDERT 1903

Moderne Krugersdorp kan beskryf word as 'n "...orderly town of well laid out streets, intelligently planned residential suburbs, and an array of parks and recreation spaces which are the envy of many larger towns."[8] Dit is die gevolg van 'n doelbewuste ontwikkelingspatroon wat sedert die eerste dorpbeplanningskema (1939) gevolg is.

Aan die begin van die eeu het Krugersdorp bestaan uit die residensiële gebiede Standplaasdorp (foto no.14), Distriksdorp, Burgershoop en die lokasies vir Indiërs en Swartmense. Verskeie myne, byvoorbeeld Luipaardsvlei, het in hierdie stadium afsonderlike residensiële gebiede gehad vir delwers en mynpersoneel. Met die totstandkoming van die Munisipaliteit van Krugersdorp in 1904 (Kaart no.7), is die gebiede in die onderstaande tabel vir die eerste keer onder een bestuur saamgesnoer.[9]

| **WOONGEBIEDE IN KRUGERSDORP : 1904**[10] | | |
|---|---|---|
| **Jaar geproklameer** | **Woongebied** | **Aantal erwe** |
| 1887 | Standplaasdorp | 1040 |
| 1897 | Distriksdorp | 309 |
| 1897 | Monument Brickfields | 48 |
| 1897 | Burgershoop Brickfields | 504 |
| **1904** | **Totale aantal erwe** | **1901** |

**Figuur 17**

8 Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG), Bloemfontein, Koerantknipsel no. 35-9-240, *The South African Financial Gazette*, 4 Aug. 1992.

9 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, MKR, band 2/3//1/119, korrespondensieleêr G9, *Konsep dorpbeplanningskema*, Maart 1939, p.1. Voor die Suid-Afrikaanse Oorlog was die Standplaasdorp deur 'n spesiale landdros en mynkommissaris bestuur en die Distriksdorp deur 'n distrikslanddros, elk bygestaan deur 'n Gesondheidskomitee. Kyk hoofstuk 2 vir besonderhede oor die Standplaasdorp en Distriksdorp.

10 Die ontwikkeling van woongebiede vir Swartmense en Indiërs word in 'n afsonderlike afdeling in die hoofstuk bespreek. Die woongebiede van die Swartmense en Indiërs is nie in die tabel aangetoon nie, omdat hulle vestiging in hierdie stadium informeel op nie-geproklameerde grond plaasgevind het.

Die ontdekking van goud en die belofte van meer goudvondse aan die Witwatersrand het 'n betekenisvolle invloed uitgeoefen op die groei en verstedeliking van dorpe aan die Witwatersrand. Krugersdorp is nie die uitsondering nie. Die ekonomiese struktuurverandering van 'n landbou- na 'n mynbou en nywerheidsekonomie het noodwendig gelei tot 'n herverdeling van die bevolking, wat 'n demografiese omwenteling tot gevolg gehad het. Hierdie omwenteling is duidelik waarneembaar in die onderstaande bevolkingstatistiek van Krugersdorp in 1904.[11]

| BEVOLKINGSTATISTIEK 1904: KRUGERSDORP | | | |
|---|---|---|---|
| **Bevolkingsgroep** | **Krugersdorp** | **Distrik** | **Totaal** |
| **Blank** | 485 | 2003 | 6859 |
| **Swartmense** | | | |
| Basoeto's | 1649 | 2012 | 3661 |
| Betsjoeanas | 248 | 35 | 283 |
| Kaapse | 469 | 8 | 477 |
| Protugees Oos-Afrika | 222 | 13 | 235 |
| Rhodesië | 96 | 0 | 96 |
| Swazi's | 43 | 0 | 43 |
| Transvaalse | 49 | 0 | 49 |
| Zoeloes | 390 | 7 | 397 |
| Ongespesifiseer | 3 | 0 | 3 |
| **Bruinmense** | | | |
| Kaapse | 144 | 33 | 177 |
| Transvaalse | 284 | 59 | 343 |
| **Asiate** | | | |
| Ander Asiate | 20 | 1 | 21 |
| Indiërs | 270 | 14 | 284 |
| Maleiers | 2 | 1 | 3 |
| Ongespesifiseer | 1 | 0 | 1 |
| **TOTAAL** | **8746** | **4186** | **12932** |

**Figuur 18**

Dit is jammer dat die statistiese gegewens ten opsigte van die Blanke diversiteit nie dieselfde detail gee as wat die geval is met die ander bevolkingsgroepe nie. Die verskil in die landelike bevolking teenoor die stedelike bevolking is opmerklik. Dit is duidelik dat die plaaslike Swartmense as "Basoeto's" en Betsjoeanas geklassifiseer is saam met die groep wat vanuit

11 Republiek van Suid-Afrika (RSA), Sentrale Statistiekdiens, Pretoria, *Transvaal Cencus 1904: Supplementary tables in respect of the population of the Districts and Wards defined by Proclamation No.42 (administration), 1904*, 27 Jun. 1906, pp.2,3. Die statistiek verklaar nie die term "Kaapse" en "Transvaalse" Swartmense nie. Dit word aanvaar dat verwys word na Xhosas en Tsongas, Vendas en Ndebeles respektiewelik. Geen verwysing na subgroepe Bruinmense of Asiate kon in die argiefversameling van die Krugersdorp Stadsraad voor nie. Verwysings na "Asiate" moet sinoniem gesien word met verwysing na die Indiërgemeenskap. Krugersdorp het wel 'n klein Sjinese bevolking gehad wat as gevolg van hulle Asiatiese herkoms ingereken is by die Indiërgemeenskap.

Basoetoeland (Lesotho) en Betsjoeanaland (Botstwana) gewerf is om op die myne te kom werk. Reeds in hierdie stadium is die stedelike groei van Krugersdorp as gevolg van die mynbou waarneembaar.

Die toenemende belangrike rol wat mynbou ten opsigte van die verstedeliking van Krugersdorp gespeel het, is opmerklik in die bevolkingstatistiek van 1911. Die Blanke bevolking toon in die periode 1904-1911 'n toename van 69.4% en die Swartbevolking 'n toename van 71.9%.[12] Randfontein, wat in hierdie stadium deel van die Krugersdorp munisipale gebied uitgemaak het, het 'n Swartbevolking van 23818 gehad, wat Smit en Booysen toeskryf aan die aantrekkingskrag van werksgeleenthede op die myne in die gebied. Hierdie toename in die bevolking van Krugersdorp het tot die ontwikkeling van bykomende residensiële gebiede vir sowel Blankes as Swartmense in Krugersdorp gelei. Nieteenstaande die vroeë ontwikkeling van verstedeliking is Smit en Booysen van mening dat die verstedeliking van Swartmense in die periode 1911-1921 afgeplat het as gevolg van die ekonomiese resessie.[13] Die tempo van verstedeliking het in die twintiger- en dertigerjare toegeneem as gevolg van die wêreld ekonomiese depressie en die droogte in Suid-Afrika, wat die landelike gevolking na die stedelike gebiede gedwing het ter wille van oorlewing. Die onderstaande tabel dui die toename in die bevolking van Krugersdorp in die periode 1921-1936 aan:

| **BEVOLKINGSENSUS 1936: KRUGERSDORP** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Bevolkingsgroep** | **1936** | | **Vermeerdering 1921-1936** | |
| | **Stedelik** | **Distrik** | **Stedelik** | **Distrik** |
| Blank | 23 208 | 7 063 | 9 858 | 1 276 |
| Swartmense | 58 504 | 12 904 | 30 504 | 4 999 |
| Indiërs | 432 | 62 | 109 | 33 |
| Bruinmense | 1 342 | 262 | 594 | -49 |
| **TOTAAL** | **83 573** | **20 291** | **11 057** | **6 259** |

**Figuur 19**

In 1936 het die Krugersdorp-sensusgebied 995.9 vierkante myl (1602.7417 vierkante kilometer)[14] beslaan, wat aan die gebied 'n bevolkingsdigdheid van

12 RSA, Dept. Statistiek, *Bevolking van Suid-Afrika, 1904-1960*, Verslag 02-02-01. Verwys na grafiek in figuur 22 vir statistiese besonderhde.

13 P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking, proses, patrone en strategie*, pp.41,44.

14 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een myl is gelyk aan 1,60934 kilometer, tabel 7.

198.3 persone per vierkante myl (319.13 persone per vierkante kilometer) gegee het.[15] Die stedelike Blanke- en Swartgemeenskappe het in die periode 1921 tot 1936 sterk gegroei, terwyl die Indiërs en Bruinmense relatief staties gebly het. In vergelyking met die bevolkingstatistiek van die vernaamste stede van die Unie van Suid-Afrika, is Krugersdorp in 1936 op grond van die hoeveelheid inwoners in die sensusgebied, dertiende gelys. Van die dorpe en stede aan die Witwatersrand is Johannesburg (1), Germiston (7), Benoni (11), en Springs (12), naas Krugersdorp gelys.[16] Die rol wat Krugersdorp reeds in hierdie stadium as 'n ekonomiese sentrum aan die Wesrand gespeel het, kan uit die genoemde gegewens afgelei word.

Die bevolkingsgroei het tot die ontwikkeling van nuwe woongebiede bygedra. Die dorpbeplanningskema van 1939 toon die ontwikkeling van Blanke woongebiede aan, soos weergegee in die onderstaande tabel[17] en Kaart no.7.

| **DORPSONTWIKKELING 1903-1939<br>BLANKE WOONGEBIEDE** | | | |
|---|---|---|---|
| **Jaar** | **Woongebied** | **Ontwikkelaar** | **Aantal erwe** |
| 1904 | Luipaardsvlei[18] | Luipaardsvlei Syndicate | 267 |
| 1905 | Wes-Krugersdorp | Munisipaliteit | 1308 |
| 1906 | Lewisham | J.P. Grey | 457 |
| 1912 | Krugersdorp-Oos | Munisipaliteit | 118 |
| 1917 | Waterval landbouhoewe | Transvaal Suburban Estates | 70 |
| 1920 | Oatlands landbouhoewe | Oatlands Limited | 110 |
| 1931 | Krugersdorp Stands Ext. | Munisipaliteit | 30 |
| 1935 | Monument | Munisipaliteit | 417 |
| **1939** | **Eerste Dorpsbeplanningskema[19]** | | **2777** |

**Figuur 20**

---

15 RSA, Sentrale Statistiekdiens, Pretoria, *Sensus 5 Mei 1936: Voorlopige verslag op die telling van alle rasse van die bevolking, hersien tot 15 Oktober 1936*, UG.5/1936, tabel 7, p.24.

16 RSA, Sentrale Statistiekdiens, Pretoria, *Sensus 5 Mei 1936: Voorlopige verslag op die telling van alle rasse van die bevolking, hersien tot 15 Oktober 1936*, UG.5/1936, tabel 5, p.5

17 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêr G9, *Konsep dorpbeplanning skema*, Maart 1939, pp.1,2.

18 Alhoewel Luipaardsvlei op die tabel onder die datum 1904 aangetoon word, het dit eers in 1912 deel van die Krugersdorp Munisipaliteit geword. Die dorpsgebied Luipaardsvlei is in 1904 deur die mynkonsortium Luipaardsvlei as 'n standplaasdorp ontwikkel. TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêr G9, *Konsep dorpbeplanning skema*, Maart 1939, pp.1,2.

19 Die dorpsgebiede Wentworth Park (1935) en Kenmare (1938), asook die industriële gebied Factoria (1938), was reeds geproklameer, maar nog nie ontwikkel nie toe die eerste dorpsbeplanningskema vir Krugersdorp in 1939 opgestel is. TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêr G9, *Konsep dorpbeplanning skema*, Maart 1939, pp.1,2.

Die dinamiese groei van Krugersdorp oor 'n periode van 36 jaar kan uit die tabel afgelei word. Die Blanke residensiële area het in hierdie periode meer as verdubbel. Hierdie ontwikkeling het egter nie planmatig geskied nie en relatief groot oop ruimtes "onbenutte" grond het tussen die woongebiede voorgekom. Hierdie tendens het waarskynlik elders in die Transvaal ook voorgekom. 'n Onafhanklike *Town Planning Association* het sedert 1919 dorpsontwikkeling in die provinsie bestudeer en hulle beywer vir doelmatige dorpbeplanningskemas. Die harde werk van die Assosiasie is in 1931 beloon toe die Provinsiale Owerheid die Dorpe en Dorpsaanleg Ordonnansie, No. 11 van 1931, geproklameer het. Alle munisipaliteite was verplig om ingevolge hierdie ordonnansie dorpbeplanningskemas op te stel en vir goedkeuring aan die Provinsiale Owerheid voor te lê.[20]

Die dorpbeplanningskema van 1939 het nie die Swart-, Indiër- en Bruin-woongebiede ingesluit nie. In hierdie stadium was daar drie woongebiede vir Swartmense, naamlik die Ou-, Nuwe- en Lewisham-lokasie. Afsonderlike woongebiede, een elk vir die Indiër- en Bruingemeenskappe, is vir die betrokke gemeenskappe voorsien.

Die Stadsraad het in 1935 'n Dorpbeplanningskomitee in die lewe geroep om uitvoering te gee aan die opstel en implementering van 'n dorpbeplanningskema vir Krugersdorp ingevolge die vereistes van die Dorpe en Dorpsaanleg Ordonnansie van 1931.

Die eerste dorpbeplanningskema vir Krugersdorp is in opdrag van die Stadsraad, opgestel deur F. Longstreth Thompson, 'n professionele streekbeplanningskonsultant. Geoordeel volgens datums op vraelyste, het die insameling van data vir die opstel van die dorpbeplanningskema oor 'n hele aantal jare gestrek. Die skema is in 1939 aan die Stadsraad voorgelê.[21] In hierdie stadium het Krugersdorp in vier lossstaande Blanke vestigingsgebiede ontwikkel, naamlik:

---

20 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêr G9, *Ordonnansie No. 11 van 1931* en *Administrateurskennisgewing No. 76 van 1937.*

21 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêr G9, *Konsep dorpbeplanningskema*, Maart 1939.

- Krugersdorp-Sentraal en Luipaardsvlei
- Wes-Krugersdorp en Burgershoop
- Distriksdorp en Monument
- Lewisham.

Die landbouhoewes (Oatlands en Waterval) en die dorpsgronde noord van Distriksdorp, asook die woongebiede van die Swart-, Indiër- en Bruin-gemeenskappe, is nie in die dorpbeplanningskema in berekening gebring nie. Die noordelike dorpsgronde was sterk aanbeveel vir toekomstige dorpsontwikkeling. Ontwikkeling in 'n suidelike en westelike rigting is deur mynbou-ontwikkeling beperk. Die ligging van die Nuwe Lokasie (Munsieville) het ontwikkeling van Blanke gebiede aan die westekant van die dorp beperk. Die natuurlike uitbreiding van Blanke woongebiede was daarom beplan in 'n noord-oostelike rigting, omdat dit vry was van mynontwikkeling. Die patroon waarin Krugersdorp sedert 1939 ontwikkel het, het in die eerste dorpbeplanningskema beslag gekry. Dorpbeplanning is in 1945 geïnkorporeer by die Werkekomitee.[22]

Die beginsels van dorpsbeplanning is in die eerste dorpbeplanningskema van Krugersdorp toegepas. Elemente wat bymekaar hoort is saam gegroepeer om ordelike ontwikkeling en vestiging in Krugersdorp te verseker. Besighede is byvoorbeeld in die Sentrale Besigheidsdistrik en in voorstedelike nodes[23] saamgegroepeer. Lintontwikkeling[24] van besighede is slegs voorsien vir die westelike gedeelte van Kommissarisstraat en Rustenburgweg in Wes-Krugerdorp. Die saamgroepering van nywerhede in gebiede volgens die tipe bedrywe, byvoorbeeld ligte nywerhede in Factoria, klein nywerhede in Boltonia, swaar nywerhede in Chamdor en chemiese nywerhede in Delporton, is 'n verdere voorbeeld van die toepassing van die beginsel in Krugersdorp. Die sentraliseringsbeginsel het ook in die gemeenskapslewe van Krugersdorp

22 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/6/11, *Notule Algemene en dorpbeplanningskomitee*, 1 Jan. 1935; band 1/3/4/1/24, *Notule Werke en dorpbeplanningskomitee*, 15 Nov. 1945.

23 'n Voorstedelike node kan beskryf word as die saamgroepering van besighede soos supermarkte, apteke, bakkerye en slaghuise in residensiële gebiede. Persoonlike waarneming tydens ondersoek ter plaatse.

24 Lintontwikkeling kan beskryf word as die vestiging en ontwikkeling van besighede weerskante van 'n spesifieke straat. Persoonlike waarneming tydens ondersoek ter plaatse.

neerslag gevind in die saamgroepering van kerke, skole en ontspanningsfasiliteite in dieselfde area.[25]

Die patroon waarin Krugersdorp ontwikkel het, (kyk Kaart no.10, (1970) is in 1997 op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee soos volg beskryf:

> "In terms of the settlement structure of the Krugersdorp Transitional Local Council, settlement developed around the mining activity, creating a dominant urban node in the sub-region, this being the existing town of Krugersdorp. The area to the north-east and west of the Krugersdorp CBD (Central Business District) was developed for the 'whites' and these urban areas have continued expanding in a northerly direction. With the formalized introduction of Apartheid, the Black and Indian race groups were allocated residential areas that were located to the south of the mining activity, thereby creating dormitory low income residential suburbs for these race groups. As a consequence, large scale residential development has occurred in the south in the area of Kagiso, Rietvallei and Lusaka. The exception to this general pattern of north and south is Munsieville to the north-west of Krugersdorp."[26]

Die vestigingspatroon sluit aan by die stedelike model wat deur Drakakis-Smith[27] beskryf word as 'n "tipiese apartheidstad". Die ruimtelike verdeling en toewysing van grondgebruike is gebaseer op die politieke segregrasie van bevolkingsgroepe. Die dominante en bevoorregte posisie van die Blanke teenoor die ander bevolkingsgroepe staan uit in hierdie stedelike model. 'n Tweede kenmerk van die stedelike model is die groepering van inwoners in woongebiede vir hoër-, middel- en laer-inkomstegroepe. Die verstedelikingspatroon in residensiële gebiede volgens inkomste is volgens

---

25 Kyk ook TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêer G9, *Konsep dorpbeplanningskema*, Maart 1939.

26 Stadsraad, Krugersdorp, *Minute of the fifth general meeting of the third Executive Committee*, 26 March 1997, Item A(29) 3/97, "Report on the formulation of Land Development Objectives (LDO's) for Krugersdorp", p.6. Die ontwikkeling van Krugersdorp in die genoemde vestigingspatroon word uiteengesit in die bespreking van residensiële gebiede vir Blankes, Swartmense, Bruinmense en Indiërs.

27 D. Drakakis-Smith, *Urban and regional change in Southern Africa*, pp.37-39.

Senekal[28] gebaseer op kompetisie vir die "beste" ruimte en "ideale" ligging. Die dominansie van hoër inkomstegroepe om aankruiping van laer inkomstegroepe terwille van grondwaardes teen te staan, is kenmerkend. "Natuurlike segregrasie" vind volgens Senekal plaas as gevolg van die mens se neiging om tussen persone van dieselfde ras, taal, kultuur en ekonomiese status te vestig.

Die verstedeliking van Krugersdorp het 'n impak op die Swartgemeenskap uitgeoefen. Die volgende besonderhede is saamgevat uit die sensusopname van 1936.[29]

| SWARTBEVOLKING 1936: KRUGERSDORP | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Geslag** | **Stedelik**[30] | **Lokasie** | **Distrik** | **Myn-kampong** | **Industriële-kampong** | **Munisipale-kampong** | **Totaal** |
| Manlik | 2 906 | 5 411 | 5 995 | 41 515 | 1 010 | 2 44 | 57 081 |
| Vroulik | 1 945 | 6 137 | 4 879 | 1 218 | 1 224 | 1 | 14 324 |
| **Totaal** | **4 851** | **11 548** | **10 874** | **42 733** | **1 325** | **245** | **71 405** |

**Figuur 21**

Dit kan aanvaar word dat die "stedelike" en "lokasie-bewoners," volgens die tabel, die gevestigde stedelike bevolking van Krugersdorp verteenwoordig, dit wil sê diegene wat reeds vir twee of meer geslagte in die stad gewoon of gewerk het. Die inwoners van die kamponge was hoofsaaklik trekarbeiders wat vir bepaalde kontrakperiodes in Krugersdorp gewerk en gevestig het. Baie van die trekarbeiders het later na Krugersdorp teruggekeer om hulle "permanent" hier te vestig. Die stadwaartse verhuising van die Swartmense het nie net hulle vestigingspatroon verander nie, maar ook 'n invloed gehad op die sosiale en kulturele lewenswyse van die stedelike Swartmense. In die stad is die Swartmense blootgestel aan Westerse kultuurinvloede. Deur

28 W.F.S. Senekal, *Gedifferensieerde woonbuurtontwikkeling binne die munisipaliteit van Bloemfontein, 'n faktorekologiese toepassingstudie*, Deel 1 (Navorsingsverslag No.2, Instituut vir sosiale en ekonomiese navorsing, UOVS, 1995), p.11.

29 RSA, Sentrale Statistiekdiens, Pretoria, *Sensus 5 Mei 1936: Voorlpige verslag op die telling van alle rasse van die bevolking, hersien tot 15 Oktober 1936*, UG.5/1936, tabel 13, pp.100,101.

30 Alhoewel dit nie in die sensusopname as sulks aangedui word nie, word die aanname gemaak dat die verwysing "stedelik" betrekking het op die getal Swartmense wat in Krugersdorp op die persele van Blanke werkgewers gebly het.

verstedeliking, ontstamming en verwestering het die stedelike Swartmense van die landelike Swartkultuur wegbeweeg.[31]

Die gebroke gesinsverhoudings as gevolg van die groot aantal Swartmans wat in stedelike kamponge gewoon het, het nie net maatskaplike probleme tot gevolg gehad nie, maar ook daartoe bygedra dat Swartvroue hulle geleidelik na die stede gewend het. Swartvroue het hulle feitlik ongemerk in stedelike gebiede in plakkerskampe gevestig, waar hulle as arbeiders of huisbediendes in diens geneem is. In die periode 1921 tot 1931 was die toename van Swartvroue volgens Smit en Booysen[32] 99% in Krugersdorp. Die koms van vroue na die stad het tot gevolg gehad dat die mans al hoe minder periodiek na hulle tuisdorpe teruggekeer het. Die invloei van Swartvroue het die proses van Swart-verstedeliking van 'n "tydelike" in 'n "permanente" vestiging verander.

Die vinnige proses van verstedeliking van die Swartbevolking het die ontstaan van plakkersgemeenskappe tot gevolg. Krugersdorp word deur Smit en Booysen[33] as een van die belangrikste plakkergebiede in Suid-Afrika uitgesonder as gevolg van die ontstaan van agterplaas plakkery in die gevestigde dele van sowel Kagiso en Munsieville wat die bevolkingsdigtheid van die stedelike gebiede verhoog. Die hoë bevolkingsdigdheid plaas groot druk op die lewering van munisipale dienste aan hierdie gemeenskappe. Behalwe maatskaplike probleme wat deur die groter konsentrasie van mense geskep word, het 'n ernstige behuisingsnood in Krugersdorp as gevolg van die verstedeliking ontstaan. Die ontstaan van informele nedersettings, vandag bekend as Pangoville en Lusaka I en II, het die nood formele behuising onder Swartinwoners in Krugersdorp verhoog tot 17267 wooneenhede in 1993.[34]

Verstedeliking is 'n onstuitbare proses waarin die bevolkingsverskuiwing gepaard gaan met 'n arbeidverskuiwing. Ekonomiese motiewe speel 'n groot

---

31 Die invloed van verstedeliking op die sosiale en kulturele lewe van die Swartmense word in verskillende hoofstukke van die proefskrif vermeld. Kyk ook P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking...*; F.A. van Jaarsveld, *Verstedeliking in Suid-Afrika*.

32 P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking...*, pp.18,19. Kyk ook D. Posel, *The making of Apartheid, 1948-1961: conflict and compromise*, pp.196-216.

33 P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking...*, p.91.

34 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp sub-region*, Vol.1, Jul. 1996, p.104.


rol in hierdie arbeidsverskuiwing. Stede trek drie tipe arbeiders aan, naamlik sy gevestigde inwoners, trekarbeiders en pendelaars. Krugersdorp het histories swaar geleun op trekarbeid vir sy mynbou-industrie, terwyl die nywerheidsontwikkeling hoofsaaklik van gevestigde arbeid gebruik maak. Krugersdorp het nie 'n geskiedenis van pendelaars wat vanaf buite-stedelike gebiede, byvoorbeeld Mabopane naby Pretoria, na die munisipale gebied pendel om in Krugersdorp te werk nie. 'n Groot getal van die arbeidsmag pendel op 'n daaglikse basis per taxi vanaf Kagiso en Munsieville na die Sentrale Besigheidsdistrik (SBD) om in Krugersdorp te werk. In die onlangse jare is die voorkoms van taxi-pendelaars vanaf Soweto na Krugersdorp meer algemeen.[35]

Baie min gegewens is beskikbaar met betrekking tot die verstedeliking van die Indiër- en Bruingemeenskappe in Krugersdorp. Die meerderheid van die Indiërs het direk uit Indië of via Natal hulle in Krugersdorp kom vestig, waar hulle 'n stedelike lewenswyse gevolg het. Die Bruingemeenskap het wel 'n landelike geskiedenis wat baie ooreenstem met die geskiedenis van die Blanke. Die getal Bruinmense en Indiërs in die bevolkingstatistiek van Krugersdorp was deurgaans klein as dit met die statistieke van die Blanke en Swartgemeenskappe vergelyk word. Gebaseer op die bevolkingsensusse in die periode 1904 tot 1991, word die verstedeliking van die Bruinmense en Indiërs in figuur 22 aangetoon.

Verstedeliking raak al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Die mate waarin Krugersdorp verstedelik het, word in die onderstaande tabel weerspieël. Die grafiek is gebaseer op die groei van die vier hoof bevolkingsgroepe in die periode 1904 tot 1991.[36]

35 Persoonlike waarneming na ondersoek ter plaatse.

36 RSA, Dept. Statistiek, *Bevolkingstatistiek van Suid-Afrika, 1904-1970*, Verslag no.02-05-12; *Geografiese verspreiding van die bevolking met 'n oorsig vir 1960-1985*, Verslag no.02-85-01; *Geografiese verspreiding van die bevolking met 'n oorsig vir 1970-1991*, Verslag no.03-01-02.




| | 1904 | 1911 | 1921 | 1936 | 1946 | 1951 | 1960 | 1970 | 1980 | 1985 | 1991 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Blank | 6946 | 10003 | 10418 | 18066 | 23544 | 26901 | 30515 | 35605 | 46088 | 49714 | 54617 |
| Bruin | 1160 | 1145 | 533 | 1028 | 1485 | 1734 | 2090 | 3093 | 645 | 1185 | 1089 |
| Indiër | 425 | 393 | 322 | 431 | 577 | 697 | 682 | 795 | 2795 | 3760 | 4176 |
| Swart | 11967 | 16628 | 7934 | 35285 | 46279 | 46406 | 56600 | 53232 | 82110 | 74986 | 101257 |

Verslagjaar

**Figuur 22**

Uit die bostaande grafiek is die konstante groei van die Blanke bevolking sedert die dertigerjare opmerklik. Hierdie groei hou verband met die nywerheidsontwikkeling in Krugersdorp. Die afplatting in die Swartbevolking in 1921 het betrekking op die ekonomiese resessie van die periode 1911-1921, waarna reeds verwys is. Die daling in die periode 1960-1970 kan verklaar word aan die hand van die groepsgebiede ontwikkeling en hervestiging van stedelike Swartmense in die sogenaamde tuislandstede. Dieselfde waarneming is van toepassing op die Bruingemeenskap wat in die periode 1970-1980 'n daling toon, wat verband hou met die hervestiging van die Bruingemeenskap in Toekomsrus naby Randfontein. Hierteenoor kan die toename in die bevolkingsgetalle van die Indiërs toegeskryf word aan die ontwikkeling van Azaadville as groepsgebiede woongebied vir Indiërs aan die Wesrand. Die invloed van die afskaffing van instromingsbeheer in die tagtigerjare kan in die bevolkingsgroei van die Swartmense in die periode 1985-1991 waargeneem word. Stedelike groei vertoon volgens Van der Merwe[37] sekere patrone wat oor 'n periode in 'n sogenaamde

---

37 I.J. van der Merwe, *Die stad en sy omgewing...*, p.39.

*verstedelikingskurwe* waargeneem kan word. Die verstedelikingskurwe van 'n land of streek vertoon gewoonlik 'n kenmerkende S-vorm waarin drie stadia in die verstedelikingsproses onderskei kan word. Tydens die aanvangsfase is die gradiënt van die kurwe baie geleidelik omdat die stedelike gemeenskapskonsentrasie klein is in vergelyking met die landelike gebied. In die tweede fase tree 'n verskerping in die tempo van verstedeliking in. Hierdie fase word dikwels gestimuleer deur ekonomiese faktore soos industrialisasie en die ontwikkeling van tersiêre handelsaktiwiteite. Tydens die derde fase van verstedeliking plat die verstedelikingskurwe af namate die stedelike vestiging versadigingspunt bereik. Gemeet aan die kurwe in die bostaande grafiek kan die periode tot 1921 as die aanvangsfase in die verstedeliking van Krugersdorp herken word. Verstedeliking het nog nie, volgens die bostaande grafiek, die stadium in Krugersdorp bereik dat die kurwe begin om af te plat nie.

## 4.2. BLANKE RESIDENSIËLE GEBIEDE

Krugersdorp het in die bestek van een eeu van 'n delwersdorpie tot 'n dinamiese stad gegroei. Dat meer aandag in die bespreking aan Blanke woongebiede gegee word, weerspieël die feit dat die Blankes oor 'n lang tydperk van munisipale bestuur bevoordeel is ten opsigte van bestuursontwikkeling en infrastruktuurskepping.

Na die totstandkoming van die Krugersdorp Munisipaliteit het die eerste munisipale dorpsuitbreiding in 1905 gevolg toe die Munisipale Raad besluit het om die dorpsgebied Wes-Krugersdorp (foto no.15) te ontwikkel. Altesaam 1308 standplase is in hierdie gebied beskikbaar gestel. Die hoofverbindingsroete na Hekpoort en Rustenburg het deur die nuwe dorpsgebied geloop.[38] Die dorpsgebied Lewisham is in 1906 op myngrond aangelê deur J.P. Grey, eienaar van die Tudormyn. Die Lewisham dorpsgebied is waarskynlik vernoem na F.W. Lewis, een van die eerste

38 TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/1, *Minute of the Krugersdorp Municipal Council*, 25 Jul. 1905.

stadsraadslede van Krugersdorp en vriend van Grey. Lewisham is in 1907 by die Krugersdorp-munisipaliteit ingelyf.[39]

Die Wysigingswet op Dorpsgebiede van 1908 het 'n betekenisvolle invloed gehad op dorpsontwikkeling in Krugersdorp. Die doel van die Wysigingswet van 1908 was om alle standplase te omskep in erwe met eiendomsreg en sodoende 'n einde te bring aan die voortgesette administrasie om standplaaslisensiegelde in te vorder. Die bedrag wat lisensiehouers vir die erwe moes betaal, is gebaseer op die munisipale waardasie van die erf en betaalbaar in een som, of afbetaalbaar in dieselfde bedrag as waarvoor lisensiegeld betaalbaar is, totdat die totale som vir die erf afbetaal is. Privaatbesit van erwe is bepaal op grond van 'n wedersydse ooreenkoms tussen die standplaasbewoner en die munisipaliteit. Die burgemeester, Gerrit van Blommenstein, berig in sy jaarverslag dat die wet vereis dat eiendomsreg aan alle erwe in die munisipaliteit gekoppel moes word. Die omskakeling van huurpagerwe na eiendomserwe, soos in die wet voorsien, sou volgens hom armlastigheid in die hand werk, omdat die oordragkoste van die huurpagerwe bereken word op die waarde van die erwe en waar die waardasie minder as £100 (eenhonderd pond) bedra het, is die erf oorgedra sonder enige betaling. Hierdie "gratis" oordrag van erwe sou volgens hom armlastiges na Krugersdorp lok en 'n las op die Munisipale Raad plaas.[40]

'n Direkte uitvloeisel van die Wysigingswet op Dorpsgebiede van 1908 is die ontwikkeling van die Burgershoop Brickfields in 1908 en die oordrag van 88 erwe aan houers van steenmakerslisensies. Die Burgershoop Brickfields is in 1909 onder Kroongrondbrief no. 309 van 1909 aan die munisipaliteit van Krugersdorp oorgedra.[41] Die standplase is beskikbaar gestel teen £4/6/- (vier pond en ses sjielings) wat in paaiemente van 2/6 (twee sjielings en ses pennies) per maand afbetaal kon word.[42]

---

39 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêr G9, *Konsep dorpbeplanningskema*, Maart 1939, p.1; band 1/1/1/3, uittreksel uit Raadsnotule, 30 Jan. 1906. Kyk ook B. Burger, *Krugersdorp 1877-1947*, p.12.

40 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1908*, p.10.

41 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1909*, p.13.

42 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, p.13.

Die Burgershoop Brickfields het volgens die Burgemeestersverslag (1908)[43] reeds in die tyd van die Zuid-Afrikaansche Republiek ontstaan in 1897 onder die steenmakersregulasies as 'n heenkome aan armblanke burgers. Steenmakerslisensies het 2/6 (twee sjielings en ses pennies) vir 'n standplaas van ongeveer 50 voet by 75 voet (ongeveer 15.24 meter by 22.86 meter)[44] groot gekos. Die Munisipale Raad het reeds in 1903 die moontlikheid van oordrag van die grond aan die munisipaliteit oorweeg omdat die steenmakerregulasies onder Proklamasie no. 314 van 1901 herroep is. Die eiendomsreg van 45 standplase was betwis. Die Munisipale Raad het verdere permitte vir die maak van stene vir vyf jaar uitgereik. Sodra 'n permithouer 'n tweede permit ontvang het, is hy toegelaat om 'n woonhuis op die standplaas op te rig en dit vir tien jaar te okkupeer. Die burgemeester het in 1908 verslag gedoen dat bouplanne vir die oprigting van 199 geboue van baksteen goedgekeur is. Hy het dit met die 102 geboue van hout en sinkplaat wat in 1903/04 goedgekeur is vergelyk en opgemerk dat "... it shows the inhabitants gaining confidence in the country and as a natural corollary are constructing their habitations of more durable and lasting materials."[45]

Die dorpsuitbreiding Monument Brickfields is ook in 1909 onder Kroongrondbrief no. 115 aan die Munisipaliteit van Krugersdorp oorgedra en onder dieselfde beginsel as Burgershoop Brickfields ontwikkel.[46]

In 1918 het die Stadsraad van Krugersdorp besluit om nie Burgershoop Brickfields verder te ontwikkel as 'n stadplaas vir arm burgers nie, maar dit voortaan as 'n residensiële gebied te ontwikkel (foto no.16). Die dorpsgebied is in 1919 uitgebrei toe 165 huise onder die sub-ekonomiese behuisingskema aan mindergegoede Blanke persone verhuur is.[47]

Waar die aanvanklike uitbreiding van die dorp in 'n westelike rigting was, is die eerste dorpsgebied oos van die Sentrale Besigheidsdistrik (SBD) in 1911

---

43 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1908*, p.24.

44 *Keartland's metrieke omsettingstabelle,* Een voet is gelyk aan 0,3048 meter, tabel 3.

45 Kyk foto nommer 13.

46 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 Oct. 1909*, p.13.

47 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling inligtingslêer B19, *Burgershoop*, sd.

geproklameer. Die dorpsgebied, bekend as Krugersdorp-Oos, is geleë oos van Tindallstraat en suid van Coronation Park. Luipaardsvlei is noord

daarvan geleë. Die ontwikkeling van Krugersdorp-Oos kan in verband gebring word met die 69.4% bevolkingsgroei wat Krugersdorp in die periode 1904-1911 ondervind het. Geen Swartmense is toegelaat om in hierdie woongebied te vestig nie.[48] Die nuwe dorpsgebied was baie gewild onder die meer gegoede inwoners, veral uit die Joodse gemeenskap omdat dit naby die ou sinagoge geleë is. 'n Studie van die stadplaasregister vir Krugersdorp-Oos bevestig die voorkoms van 'n groot aantal Joodse vanne in die dorpsgebied.[49] Die gebied het die bynaam "Little Jerusalem" gekry na aanleiding van die groot aantal Jode wat daar gewoon het. 'n Teetuin met die naam *Little Jerusalem* word vandag in die gebied bedryf ter herinnering aan die eertydse bynaam van Krugersdorp-Oos.[50]

Hierdie ontwikkeling het die tendens van dorpsontwikkeling oos van die SBD ingelui, alhoewel verdere ontwikkeling eers in 1935 met die proklamering van Monument, Kenmare en Wentworth-Park voorgekom het.[51] Oor die algemeen is die residensiële gebiede oos van die SBD "...of high quality with a high level of services, adequate social facilities and amenities and a strong nature orientated component as a result of the many parks and recreational areas." Dorpsontwikkeling in 'n noordelike en oostelike rigting sluit vandag funksioneel aan by Roodepoort en Randburg. Die beskikbare ruimte vir verdere ontwikkeling in 'n noordelike rigting sal in die medium tot lang termyn gestuit word deur 'n skerp rif wat deel vorm van die Witwatersrand geografie. Toekomstige ontwikkeling in 'n westelike rigting, waar verskeie

---

48 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 Oct 1911*, p.7. Kyk ook TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/196, korrespondensieleêr K17, Administrateurskennisgewing No.13 van 1937, *Provinsiale koerant, Transvaal*, 20 Jan. 1937. Swartmense was ingevolge die Administrateurskennisgewing ook nie toegelaat om in Monumentdorp te vestig nie.

49 TAB, Pretoria, RAK, band 1648, *Standplaasregister*, 1911-1929. Kyk hoofstuk nege vir besonderhede oor die sinagoge.

50 L. Donelly, Mondelinge mededeling, 27 Jan. 1998. Donelly is die eienaar van die teetuin *Little Jerusalem*. Geen bevestiging kon gekry word dat die woongebied wel as "Little Jerusalem" bekend was nie.

51 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêr G9, *Konsep dorpbeplanningskema*, Maart 1939, pp.1,2.

landbouhoewes aan die munisipale gebied grens, vorm deel van die Struktuurplan vir die Groter Krugersdorp Substreek.[52]

Die Departement van Mynwese het in 1912 die Stadsraad van Krugersdorp versoek om die woongebied Luipaardsvlei (foto no.17) oor te neem en by die munisipaliteit in te lyf.[53] Hierdie woongebied is in 1904 aangelê deur die Luipaardsvlei-mynsindikaat as 'n standplaasdorp. Dit is in 1912 tot eiendomsgrond verklaar, wat aanleiding gegee het tot die inlywing daarvan by die Krugersdorp-munisipaliteit.[54]

Randfontein het aanvanklik as 'n woongebied van Krugersdorp ontwikkel. Die nuwe Robinson-woonbuurt is in 1911 tot Randfontein toegevoeg en Randgate in 1912.[55] Hierdie ontwikkeling hou verband met die mynbou-ontwikkeling in die Randfonteingebied. Die Randfontein-Randgate woongebiede is in 1929 as 'n selfstandige munisipaliteit geproklameer.[56] Die afstigting van Randfontein het, geoordeel aan die koerantberigte in *The Standard and West Rand Review*, nie sonder meer plaasgevind nie. *The Standard and West Rand Review* berig oor 'n periode van maande oor die "municipal divorce suit" en die voorwaardes van die afskeiding van beide die Krugersdorp-munisipaliteit en die Randfontein-belastingbetalers. In die finale berig word die afskeiding van Randfontein gesien as die einde van 'n era in die geskiedenis van Krugersdorp waarin Krugersdorp "very much alive" was.[57]

'n Groot aantal nuwe geboue en huise is tussen 1904 en 1912 opgerig. Hieroor berig die burgemeester in 1912 soos volg: "The steady demolition of

---

52 Stadsraad, Krugersdorp, *Minute of the fifth general meeting of the third Executive Committee, 26 March 1997*, Item A(29) 3/97, "Report on the formulation of Land Development Objectives (LDO's) for Krugersdorp", p.10.

53 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October. 1912*, p.3.

54 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêer G9, *Konsep dorpsbeplanningskema*, Maart 1939, p.1.

55 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1911*, p.5; *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.4.

56 TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/1, Brief Provinsiale Sekretaris-Stadsklerk krugersdorp en *Verslag van J. Young insake die afstigting van Randfontein en Randgate as munisipaliteite vanaf 1 Januarie 1929*, 28 Jul. 1928, p.559.

57 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 17 Feb. 1928; 9 Mar. 1928; 5 Apr. 1928; 11 May 1928; 8 Jun. 1928; 27 Jul. 1928; 3 Aug. 1928; 21 Sept. 1928; 26 Oct. 1928.

old properties and their replacement with buildings of a more imposing design is contributing considerably to the appearance of the town, and persons visiting the district after a few years absence remark on the progressive spirit of the people."[58] Krugersdorp het in hierdie stadium weinig permanente, moderne strukture gehad. Griffen beskryf die dorp as baie klein met net hier en daar huise. Die meerderheid strukture is gebou van hout en riffelsink (foto no. 18). Die gebied begrens deur Pretoria-, Von Brandis-, Dingaan- en Fonteinstraat was die digste bevolk. Distriksdorp (foto no.19) met ongeveer vyftig huise. Die skakelhuise (foto no.20) in Luipaard- en Sivewrightstraat was volgens Griffen die gewildste residensiële gebiede. Die meerderheid Afrikaanssprekende inwoners het in Burgershoop Brickfields gewoon. Wes-Krugersdorp was baie yl bewoon.[59]

Die onderstaande tabel toon die aantal nuwe geboue wat in die eerste dekade van die munisipaliteit opgerig is:[60]

| **NUWE GEBOUE IN KRUGERSDORP 1903-1912** | | | |
|---|---|---|---|
| **Jaar** | **Aantal planne goedgekeur** | **Aantal nuwe geboue** | **Aantal verbeterings** |
| 1903/04 | 181 | 121 | 60 |
| 1904/05 | 123 | 104 | 32 |
| 1905/06 | 133 | 105 | 37 |
| 1906/07 | 107 | 76 | 52 |
| 1907/08 | 199 | 121 | 78 |
| 1908/09 | 250 | 290 | 56 |
| 1909/10 | 453 | 373 | 88 |
| 1910/11 | 468 | 346 | 174 |
| 1911/12 | 267 | 177 | 168 |
| 1912/13 | 187 | 100 | 87 |
| **Totaal** | **2368** | **1813** | **832** |

**Figuur 23**

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en daaropvolgende depressie en sosio-ekonomiese probleme, het die ontwikkeling van residensiële gebiede afgeplat, alhoewel die burgemeestersverslae van die periode melding maak van 'n konstante verkoop van erwe in die bestaande woongebiede. Die fokus

58 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.85.

59 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K37, *W.B. Griffen* (ongep. outobiografie), sd., p.3.

60 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1913*, p.36.

het ook geval op die verbetering van bestaande strukture. Baie onbewoonde huise was egter in 'n swak toestand en in die dertigerjare is Krugersdorp ook met armblankes wat in krottoestande woon, gekonfronteer. 'n Groot tekort aan sub-ekonomiese behuising vir persone wat minder as £30 (dertig pond) per maand verdien, het bestaan.[61]

Die verarming en agteruitgang van 'n deel van die Suid-Afrikaanse Blanke bevolking het in die dertiger jare pertinent onder die aandag van die Regering gekom as gevolg van die Carnegie-kommissie se uitgebreide ondersoek en verslag in 1932. Die verarming was 'n proses wat vir baie jare aan die gang was. Die oorsake daarvan is baie nou vervleg met die Suid-Afrikaanse geskiedenis, die Suid-Afrikaanse Oorlog, die wêreldkrisis van 1907, die Eerste Wêreldoorlog van 1914-1918, die staking van 1922 en die wêrelddepressie en droogte van die vroeë dertiger jare. Daar was ook ander faktore soos wanaanpassing in 'n kapitalistiese ekonomie en stedelike milieu en werkloosheid. Tydens 'n Volkskongres wat in 1934 gehou is, is vertoë tot die staat gerig om daadwerklik op te tree en die armblanke vraagstuk aan te spreek. Die regering het hierop onderstandsnedersettings en werkkolonies gestig met die doel om werk en huisvesting aan die sorgbehoewende mense te verskaf. In die dorpe en stede waar agterbuurttoestande aan die ontwikkel was, is tehuise vir laagbesoldigdes gestig.[62]

Appelpark in Burgershoop is 'n sub-ekonomiese behuisingsgebied wat uit die nood van Krugersdorp se armblankes ontstaan het. Die kern van die gebied bestaan uit 166 wooneenhede wat deur die Stadsraad van Krugersdorp aan hulpbehoewende inwoners verhuur word. Die munisipaliteit het in 1940 by die Nasionale Behuisingsraad aansoek gedoen vir fondse om twee- en drieslaapkamer sub-ekonomiese wooneenhede in Appelpark op te rig en teen 'n nominale huur aan armblankes beskikbaar te stel.[63] *The Standard and West*

---

61 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review,* 19 Aug. 1938.

62 A.T. Winkler, *Volkswelsynbeleid: 'n Sosiaal-historiese studie van tenderse in die Suid-Afrikaanse volkswelsynbeleid, 1910-1966*, p.39. Kyk ook R.W. Wilcocks, "Die Arm Blanke," *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika: Verslag van die Carnegie-kommissie,* 1932.

63 TAB, Pretoria, TPB, band 1319, verw. TALG 9/10876/1, Korrespondensie insake sub-ekonomiese behuising vir Appelpark, 1938-1940.

*Rand Review* beskryf die Appelparkskema as een van die Stadsraad se grootste behuisingsprestasies. Die rehabilitasie van armblankes in Krugersdorp word in die berig geloof.[64] 'n Gemeenskapsprofiel wat van die Appelparkgemeenskap in 1988 opgestel is, dui daarop dat 82% van die huurders nie gewerk het nie en een of ander welsynstoelae ontvang het. Die meeste van die huurders het toe minder as R300-00 per maand verdien. Die oorgrote meerderheid van die gesinne in Appelpark vind dit moeilik om kop bo water te hou.[65]

Die donker prentjie wat die gemeenskapsprofiel van Appelpark geskets het, het bygedra tot die besluit van die Stadsraad om af te sien van die verkoop van die skemahuise. Die huurvoorwaardes was vir die inwoners nog gunstiger as die koopvoorwaardes, ten spyte van spesiale kortings wat die Stadsraad vir die koop van die skemahuise toegestaan het. Slegs 21 huise is te koop aangebied en op aandrang van die Streekwelsynsraad het Appelpark 'n welsynsbehuisingsprojek gebly. Die Stadsraad het in 1992 duisende Rande spandeer aan die onderhoud en opgradering van die huise in Appelpark.[66]

Huisvesting aan bejaardes is vir die eerste keer as 'n verantwoordelikheid van die Staat aanvaar in 1928 met die inwerkingstelling van die betaling van ouderdomspensioen. Die versorging van bejaardes in tehuise is as die verantwoordelikheid van die privaatsektor gesien, met finansiële steun van die Staat in die vorm van subsidies. In 1947 het die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (S.A.V.F.) die munisipaliteit versoek om hulle finansieel te steun in die aanbouing van 'n nuwe vleuel aan die Moreglans Ouetehuis om in die behoeftes vir huisvesting van 'n verdere 32 bejaardes te voorsien. Die munisipaliteit op sy beurt het by die Nasionale Behuisingsraad om 'n lening

---

64 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 4 Feb. 1949.

65 Stadsraad, Krugersdorp, Notule *Bestuurskomitee*, 15 Feb. 1988; *Notule van vergadering van die Stadsraad van Krugersdorp*, Item 88B (313): Gemeenskapsprofiel Appelpark, 29 Feb. 1988.

66 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A16, *Appelpark Sub-ekonomiese behuisingskema*, 1988. Appelpark word vandag nog hoofsaaklik deur Blankes bewoon.

aansoek gedoen.[67] Slegs Blanke bejaardes is in die ouetehuis versorg tot in 1994, toe die eerste Swart persoon ingeneem is.

In die voorsiening van behuising aan bejaardes het die munisipaliteit drie woonstelblokke opgerig, naamlik Jubileum-, Pionier- en die Van Riebeeck-woonstelle. Twee- en drievertrek wooneenhede is onder die sub-ekonomiese behuisingskema tussen 1940 en 1952 opgerig.[68] Geen voorsiening is gemaak vir die behuising van Nie-Blanke bejaardes nie.

Die munisipaliteit het ook die Jack von Belkum Kinderhuis van die Nederduits Hervormde Kerk, Krugersdorp, ondersteun in die finansiering van aanbouings en die oprigting van 'n nuwe kinderhuis. Aansoek vir fondse is by die Departement Gemeenskapsbou gedoen.[69]

Die Stadsraad het sedert 1912 oorweging aan die ontwikkeling van landbouhoewes op die periferie van die dorp gegee. Alhoewel die ontwikkeling nie uitsluitlik bedoel was om 'n heenkome aan armblankes te verskaf nie, was die bedoeling wel dat hoewebewoners 'n selfonderhoudende bestaan daarop moes maak. Elke eenheid is vyf akker (ongeveer 2.03 hektaar)[70] groot, omdat groter eenhede nie effektief deur een gesin bewerk kon word nie. Die waarde van die grond was te hoog geag om dele daarvan onbenut te laat lê.[71]

Die plaas Waterval no. 124, aangrensend aan Wes-Krugersdorp is tussen 1917 en 1920 deur Transvaal Suburban Estates in sewentig kleinhoewes verdeel. Die ontwikkeling het in vyf fases van veertien eenhede elk plaasgevind. Die maatskappy Oatlands Limited het 120 landboukleinhoewes in 1920 op die plaas Oatlands, aangrensend aan Waterval, ontwikkel.[72] Die

---

67 TAB, Pretoria, TPB, band 1319, verw. TALG 16/10876/2, Korrespondensie insake behuising vir bejaardes, 1945-1948.

68 TAB, Pretoria, TPB, band 1319, verw. TALG 9/10876 en TALG 16/10876/2, Korrespondensie insake sub-ekonomiese behuising vir Appelpark, 1938-1948.

69 TAB, Pretoria, TPB, band 1319, verw. TA 10/10876 en TA 11/4991, Korrespondensie insake Jac von Belkum Kinderhuis, 1938-1940.

70 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een akker is gelyk aan 0,404686 hektaar, tabel 17.

71 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/63, *Report on the small holdings scheme on the town lands of Krugersdorp*, 21 Okt. 1916.

72 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêer G9, *Konsep dorpbeplanningskema*, Maart 1939.

Stadsraad het in 1945 die landbouhoewes by die Krugersdorp waterretikulasieskema ingesluit.[73]

Die ligging van die landbouhoewes aangrensend aan die dorp en die vrugbaarheid van die grond is die belangrikste voordele wat aan die hoewes op Oatlands en Waterval gekoppel is. *The Standard and West Rand Review* het reeds in 1928 berig oor 'n groot, suksesvolle appeloes wat die hoewebewoners daardie jaar afgehaal het. Dit bevestig die sukses van die ontwikkelingskema om 'n bestaansekonomie vir die hoewebewoners te verseker.[74] Dit het die grondslag gelê vir die groente-, vrugte- en blomplase wat vandag 'n algemene bedryf is in die meer landelike omgewing van Krugersdorp.[75]

Krugersdorp het in 1939 'n oplewing in die oprigting van nuwe geboue beleef. 'n Nuwe brandweerstasie, poskantoor, spoorwegstasie en die Sterkfontein Hospitaal, is opgerig. Die Provinsiale Paaiedepartement het 'n streekdepot op Krugersdorp geopen en verskeie skole en die kinderhuis het met nuwe geboue gespog. Departementeel het die Stadsraad nuwe koelkamers by die slagpale gebou, gemeenskapsale in Wes-Krugersdorp en Lewisham opgerig en verskeie nuwe biersale in die Swartwoongebiede gebou.[76] In reaksie op al die bouwerk berig *The Standard and West Rand Review*: "There is no doubt that Krugersdorp is steadily and surely developing into 'The City of the West', and there is no justification whatever for allegations that the Town Council have not been recently doing enough in speeding up the development of the town. They are fully aware of the needs of the community and the achievements of the past year or two have fully shewn this."[77]

Die ontwikkeling van die industriële gebiede Factoria in 1938 en Boltonia in 1953 het 'n nuwe era in die ontwikkeling van residensiële gebiede vir

---

73 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/4/1/24, Minute *Works and Town Planning Committee*, 15 Nov. 1945.

74 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 6 Jan. 1928.

75 Die ekonomiese betekenis van die landbouhoewes word in hoofstuk ses bespreek.

76 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B18, *Buildings and flats* sd.

77 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 13 May 1938.

Krugersdorp ingelui. Monument, Kenmare, Mindalore, Noordheuwel en Silverfields Park was binne enkele jare ontwikkel om aan die behoefte vir behuising wat met die nywerheidsontwikkeling gepaard gegaan het, te voorsien. In dieselfde periode is Quelleriepark met fondse wat van die Nasionale Behuisingsraad verkry is, ontwikkel. Teen 1967 het Krugersdorp 23 Blanke woongebiede gehad met genoeg dorpsgronde tot sy beskikking om vir 'n verdere vyftien jaar in die groeipotensiaal van die dorp te voorsien.[78]

Ook die SBD loop in 1967 deur onder vernuwing en die oprigting van nuwe geboue. Blokke is gesloop om vir die nuwe geboue plek te maak.[79] Hierdie ontwikkeling het saamgehang met die algemene ekonomiese opbloei wat Suid-Afrika na republiekwording in die sestigerjare beleef het.

Die meer gegoede residensiële gebiede het ver bo die ekonomiese en sub-ekonomiese gebiede uitgestyg. Deels kan dit toegeskryf word aan die feit dat die Stadsraad verliese gely het as gevolg van die versuim om huurgelde te betaal. Behuising is 'n basiese vereiste vir die skepping van 'n stabiele samelewing en 'n voorvereiste vir opheffingswerk. Behuising word deur Naude[80] gedefinieer as "die fisiese struktuur wat die mens as beskutting gebruik en die omtrek van daardie struktuur, insluitende al die nodige dienste, fasiliteite, uitrusting en middele wat benodig of verlang word vir die fisiese, geestelike en maatskaplike welsyn van die gesin en die individu." Die vraag wat hierop volg, is of die Stadsraad van Krugersdorp teen 1993 daarin geslaag het om voldoende huisvesting aan al sy inwoners te verskaf? Wat die Blanke inwoners betref, bestaan voldoende huisvesting. Met betrekking tot die Swartinwoners is die antwoord "nee", omdat duisende Swartinwoners steeds onder haglike toestande woon waarvan die meeste woonplekke tans oorbevolk is. Munsieville is 'n lae inkomste woongebied met 11 261 inwoners wat op 2396 erwe woon. In die groter Kagiso gebied akkommodeer 21 490 erwe ongeveer 126 507 persone. Hierdie getalle sluit nie die benaderde 109

---

78 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 28 Feb. 1967.

79 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 9 Jun. 1967.

80 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Die sosio-ekonomiese omstandighede van die bantoebevolking van Krugersdorp, 1968-1969* (ongep. verslag, Krugersdorp Stadsraad, 1969), p.89.

973 persone wat in informele nedersettings of ander tydelike strukture woon, in nie. Die ontwikkelingsplan vir Krugersdorp toon dat die Plaaslike Oorgangsraad met 'n behuisingagterstand in 1993 gekonfronteer is. Om die agterstand in die behuisingsnood van sy Swartinwoners in te haal, is die ontwikkeling van lae-inkomste residensiële gebiede 'n saak van eerste prioriteit vir die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad.[81]

## 4.3. WOONGEBIEDE VIR SWARTMENSE

Voor die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog is daar weinig aandag gegee aan die voorsiening van woongeriewe vir Swartmense aan die Witwatersrand anders dan om hulle saam met ander "gekleurde" mense in 'n "lokasie" saam te groepeer. Die vestigingspatroon van die Swartmense in tradisioneel Swartwoongebiede was onordelik en, soos baie Blankes in hierdie tyd (foto no. 13) was hulle streng gesproke eintlik plakkers. Bestaande wetgewing aan die begin van die eeu het nie duidelike omskrywings oor die Swartmense se reg tot toegang tot Blanke woongebiede verskaf nie. Namate getalle toegeneem het, het die behoefte aan permanente vestiging en huisvesting druk op munisipaliteite geplaas. Behoorlike huisvesting aan Swartmense buite mynkamponge het netelige en moeilik oorkombare probleme geskep. Blanke woongebiede het hoofsaaklik deur privaatinisiatief tot stand gekom en ontwikkel, sodat die Blankes nie die vestiging van Indiërs, Bruinmense of Swartmense in hulle woongebiede geduld het nie.

Die munisipaliteit het, nadat hulle beheer oor die gebied oorgeneem het, gepoog om die bestuur op 'n gesonder voet te plaas.[82] Die Swartwoongebied is ingevolge Administrateurskennisgewing no. 1062 van 1905 tot 'n lokasie vir Swartmense geproklameer.[83] Omstandighede in Krugersdorp was haglik, veral as dit gemeet word aan die persentasie sterftes van babas onder een

81 Stadsraad, Krugersdorp, *Minute of the fifth general meeting of the third Executive Committee, 26 March 1997*, Item A(29) 3/97, "Report on the formulation of Land Development Objectives (LDO's) for Krugersdorp", pp.7,8,13-19,31.

82 A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand, 1900-1933*, pp.150,151. Kyk ook TAB, Pretoria, UG, band 22/1932, *Report of Native Economic Commission*, 1930-1932.

83 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Staatskoerant no. 361,* 15 Des. 1905, p.361.

jaar.[84] Die sterftesyfer onder babas onder die ouderdom een jaar in die Swartgemeenskap was 88.7% in 1905. Teen 1928 het die persentasie afgeneem tot 14.8%, wat daarop dui dat die algemene lewensomstandighede van die Swartinwoners sedert 1905 verbeter het.[85]

Die Mediese Beampte, en die Sanitasie- en Gesondheidsinspekteur het by herhaling aan die munisipaliteit verslag gedoen oor die swak higiëniese en gesondheidstoestande en oor die kwaliteit van die water in die Swartwoongebied gekla. Die water was volgens die Gesondheidsinspekteur se toetse nie geskik vir menslike gebruik nie. Geen bewyse kon gevind word van enige stappe van die munisipaliteit om die situasie te verander nie, behalwe gereelde inspeksies van die Sanitasie- en Gesondheidsinspekteur om na die algemene higiëne van die lokasie om te sien.[86]

In 1909 was daar ongeveer 1280 persone woonagtig in die Swartwoongebied. Volgens die Burgemeestersverslag van 1909/10 was dit die vernaamste rede vir die ontwikkeling van 'n nuwe lokasie verder noord-wes. "It is purposed so far as this new location is concerned to strictly insist on the erection of buildings in accordance with one or two approved municipal plans which will lie at this Office for inspection, the whole of the frontages to be kept in alignment, and which will greatly approve the appearance of the location. The surroundings to be fenced in and innumerable trees planted. Each block of stands will be provided with a broad sanitary passage on which all sanitary conveniences, refuse receptacles, etc., will be placed. Provided the above is carefully carried out, I see no reason why a model location should not be established."[87] Hiermee is die grondslag gelê vir die eenvormige, byna eentonige, vestigingspatroon wat kenmerkend is van die ouer dele in Kagiso en Munsieville.

---

84 Kyk tabel in hoofstuk 5 vir besonderhede oor kindersterftes. Kindersterftes word in die algemeen gebruik as 'n basis om die sosio-ekonomiese stand van 'n gemeenskap te bepaal.

85 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 Oct. 1908*, p.29; TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/20, *Vital statistics*, 1928.

86 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute*, 1904-1912.

87 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, p.93.

Die Nuwe Lokasie is in 'n ruitpatroon van 48 straatblokke opgemeet. Al die standplase was teen die einde van 1910 beset en die Munisipale Raad was verplig om 'n verdere 400 standplase aangrensend aan die Sterkfonteinpad, uit te meet.[88] Die "besetting" van die standplase het nie noodwendig geïmpliseer dat die beoogde huise reeds opgerig was nie, want in die 1912 burgemeestersverslag meld die lokasiesuperintendent dat slegs 51 huise voltooi was. Die Ou Lokasie was nog tot sy volle kapasiteit bewoon, omdat slegs die Swartmense wat uit die Blanke dorp verwyder is in die Nuwe Lokasie hervestig is. Terwyl die toestande in die Nuwe Lokasie as "extremely good" beskryf word, het die gesondheidstoestande in die Ou Lokasie kommerwekkend gebly. Die gebruik van die inwoners om hulle klere in die spruit onderkant die woongebied te was (foto no.21), het die spruit besoedel sodat die Raad besluit het om spesiale wasplekke in die Nuwe Lokasie te voorsien. Die koste aan watervoorsiening is deur die verkoop van waslisensies verhaal.[89] Die lokasiesuperintendent en munisipale polisie waarna reeds verwys is, is ook in hierdie stadium aangestel. Geen verdere uitbreiding of die oprigting van nuwe strukture is in die die Ou Lokasie toegelaat nie.[90]

Intussen het die Stadsraad besluit om 'n lokasie naby Randfontein te vestig om in hierdie dorp se arbeidsbehoeftes te voorsien.[91] Hierdie ontwikkeling het die ontwikkeling van die Krugersdorp Nuwe Lokasie feitlik tot stilstand gebring, omdat baie van die Swartmense verkies het om liewer in Randfontein, wat nader aan die spoorlyn geleë was, te gaan bly. Die lokasiesuperintendent het ook die voortbestaan van die Nuwe Lokasie bevraagteken, tensy die inwoners van die Ou Lokasie verplig word om na die Nuwe Lokasie te verskuif.[92] Die bevolkingstatistiek vir die twee woongebiede word in die onderstaande tabel weerspieël:[93]

---

88 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910,* p.21.

89 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1913,* p.114,. Kyk ook inligtingslêer M22, *Munsieville*, sd.

90 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversamleing, inligtingslêer M22, *Munsieville*, sd.

91 Verwys na die bespreking in die afdeling oor verstedeliking vir besonderhede met betrekking tot die bevolkingsgetalle wat ter sprake is en in verband staan met die ontwikkeling van die Swartwoongebied in Randfontein.

92 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914,* pp.104-105.

93 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslae*, 1913-1917.

| BEVOLKINGSTATISTIEK KRUGERSDORP OU EN NUWE LOKASIE | | |
|---|---|---|
| **Jaar** | **Ou Lokasie** | **Nuwe Lokasie** |
| 1913 | 1541 | 231 |
| 1914 | 1408 | 330 |
| 1915 | 1264 | 415 |
| 1916 | 1789 | 475 |
| 1917 | 1795 | 648 |

**Figuur 24**

Die toestroming van 525 persone na die Ou Lokasie in 1916 word deur die lokasiesuperintendent toegeskryf aan die sluiting van die Wesrand-lokasie.[94]

Die Nuwe Lokasie het stadig gegroei. Teen 1917 was daar 93 woonhuise, 5 winkels en 2 kerkgeboue opgerig. Drie verdere geboue was in die proses van oprigting.[95] Die Naturelle Stadsgebiedewet, No. 21 van 1923, het alle Swartmense verplig om in 'n "lokasie", Swartwoongebied of hostel vir Swartmense te woon. Wetgewing is in Krugersdorp afgedwing deur Administrateursproklamasie no. 167 van 1926.[96] Die gevolg hiervan vir die Krugersdorp Munisipaliteit was dat groter druk op die voorsiening van behuising in die woongebied geplaas is, veral omdat die getal Swartmense met 91% gegroei het in die periode 1921 tot 1931.[97] Die munisipaliteit het by herhaling aansoek by die Behuisingsraad gedoen vir die finansiering van behuisingskemas in die Swartwoongebied.[98] Hierdie behuisingskemas het ook voorsiening gemaak vir die oprigting van ablusiegeriewe en washuise in die woongebied.[99] Plaaslike owerhede is verplig onder die Naturelle Stadsgebiedewet van 1923 om behuising aan Swartmense te gee in 'n omgewing wat vir die stedelike Swartmense aangenaam sou wees. Plaaslike

94 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1916*, p.110.

95 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1917*, p.116.

96 TAB, Pretoria, TPB, band 165, verw. TA 4/494, *Administrateursproklamasie no. 167 van 1926*, 1 Aug. 1926.

97 TAB, Pretoria, UG, band 22/1932, *Report on native economic commission, 1930-1932*, pp.62,63.

98 TAB, Pretoria, TPB, band 165, verw. TALG 6/10876, Korrespondensie insake behuisingskemas, 1933-1947.

99 TAB, Pretoria, TPB, band 165, verw. TA 10876, Korrespondensie insake huise en ablusiegeriewe, 1933-1935.

owerhede moes die huise teen hulle eie rekening bou, of Swartmense toelaat om dit self te doen, alhoewel hulle nie eiendomsreg op die strukture verkry het nie.[100]

Ten spyte van hierdie verwikkelinge wil dit voorkom asof die stadige groei van die Nuwe Lokasie voortgeduur het tot in die veertigerjare, toe die Stadsraad besluit het om 'n Blanke woongebied wes van die Distriksdorp te ontwikkel. Vir hierdie doel moes die Ou Lokasie ontruim word om plek te maak vir die nuwe residensiële ontwikkeling. Toestande in die Ou Lokasie was steeds haglik. Volgens *The Standard*[101] was "... the streets appalling. Many houses are situated on sloping ground ... As for the houses themselves the state of affairs is very bad. Many of the dwellings are old and dilapidated and are built without foundations. As a consequence the floors are damp ... and the close atmosphere was repellent for the inmates of the dwellings." Ook die ablusiegeriewe was "short of horrifying". Die inwoners van die Ou Lokasie was daarom verplig om in 1946 na die Nuwe Lokasie te verhuis. Die verhuising het gepaard gegaan met die vernoeming van die Nuwe Lokasie na James Munsie,[102] die Hoof Gesondheidsinspekteur. Die lokasie het voortaan bekend gestaan as *Munsieville* (foto no.22).

Die ontwikkeling van die dorp in 'n oostelike rigting het die behoefte aan 'n Swartwoongebied nader aan die myne Champ D'Or en Luipaardsvlei laat ontstaan. Die Luipaardsvlei-lokasie, vandag bekend as Kagiso I, is in 1926 naby die residensiële gebied Lewisham geproklameer. Die eerste 667 sub-ekonomiese wooneenhede is gefinansier deur middel van 'n lening wat vanaf die Behuisingsraad verkry is, en onder die 99-jaar huurpagstelsel aan die eienaars verkoop is. Die wooneenhede het uit twee vertrekke bestaan. Die

---

100 TAB, Pretoria, UG, band 22/1932, *Report on native economic commission, 1930-1932*, pp.62-75.

101 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling *The Standard*, 19 Feb. 1939. Kyk ook inligtingslêer M22, *Munsieville*, sd.

102 James Munsie was vir meer as 42 jaar die Sanitasie en Gesondheidsinspekteur van Krugersdorp. Hy is in 1903, kort voor die totstandkoming van die Munisipaliteit van Krugersdorp, aangestel. Munsie het in 1941 afgetree, maar daarna vir nog twee jaar as die Hoofgesondheidsinspekteur gewerk. Die vernoeming van die nuwe lokasie is gedoen op versoek van die Swartinwoners uit erkenning vir die jarelange diens wat Munsie aan hulle gelewer het. Kyk Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M22, *Munsieville* sd.; Sentrale Argiefbewaarpek (SAB), Pretoria, NTS, band 5996, verw. 115/313N, *Stigting van Munsieville*, 24 Mrt. 1946.

wooneenhede is met sementblokke wat die munisipaliteit self vervaardig het, gebou. In 1946 het die stadsingenieur egter vir 'n sekere aantal van die huise bakstene gebruik, omdat die vervaardiging van die boublokke nie in die aanvraag kon voorsien nie. Hy is hiervoor in 'n vergadering van die Werke- en Dorpsbeplanningskomitee vermaan omdat die koste aan bakstene te hoog was.[103] Die munisipaliteit was verantwoordelik vir water- en elektrisiteitsvoorsiening. Die emmer-sanitasiestelsel moes mettertyd met 'n spoelstelsel vervang word. Die munisipaliteit was ook verantwoordelik vir die maak en instandhouding van toegangsweë en strate.[104] Tydens die Tweede Wêreldoorlog is die ingenieursdepartement as gevolg van die groot aantal personeel wat oorlog toe is, op 'n onderhoud- en instandhoudingsplan geplaas. Dit het nie ten opsigte van Swartbehuising gegeld nie, omdat verskeie behuisingskemas in hierdie tyd onder leiding van J. Resnich as superintendent van werke aandag geniet het. Die gevolg was dat die munisipaliteit na die oorlog dadelik met groot projekte voortgegaan het. Resnich was 'n meesterbouer en onder sy toesig is sub-ekonomiese huise vir Blankes en Swart- en Bruinmense gebou, asook 'n biersaal en brouery in Kagiso. In hierdie stadium het die Stadsraad oorweging gegee aan die ontwikkeling van Dadooville as woongebied vir die Indiërgemeenskap, waarna later verwys word. Resnich het daarom nie huise ook vir die Indiërgemeenskap gebou nie.[105]

Met die ontwikkeling van die Chamdor-nywerheidsgebied suid-oos van Krugersdorp, het die Stadsraad met die Departement Bantoesake in 1952 onderhandel oor die uitbreiding van die Luipaardsvlei-lokasie, aangrensend aan die nuwe nywerheidsgebied. Die aansoek van die Stadsraad is deur die Minister van Bantoesake goedgekeur op voorwaarde dat 'n korridorstrook tussen die gebiede oopgelaat moes word. Die Stadsraad het op sy vergadering, gehou op 26 Maart 1956, besluit om die nuwe lokasie *Kagiso* te

---

103 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/4/1/24, *Notule van vergadering van Werke- en Dorpsbeplanningskomitee*, 11 Mrt. 1946, p.234.

104 TAB, Pretoria, TPB, band 1317, verw. TA 6/10876, Korrespondensie tussen munisipaliteit en Behuisingsraad, asook staatsdepartemente insake stigting van Luipaardsvlei-lokasie, 1933-1947. Kyk ook Administrateurskennisgewing no. 181 van 1920, *Staatskoerant, no.278*, 4 Mei 1920; Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K2, *Kagiso*, sd.

105 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P16, *J. Resnich*, 1934-1956.

noem en die inwoners van Munsieville mettertyd na Kagiso oor te plaas. Kagiso is as 'n groepsgebied vir Swartmense verklaar.[106]

Geen hoë koste geboue is in Kagiso opgerig nie. Twee-, drie- en viervertrek wonings was onder die huurpagstelsel deur die munisipaliteit opgerig (foto no.23). Voorsiening is ook gemaak vir munisipale behuising wat teen 'n nominale lae koste gehuur kon word.[107] Kagiso het met die verloop van jare geweldig gegroei. Die Stadsraad was verplig om verdere uitbreidings te ontwikkel en het in 1951 besluit om grond vir die bou van privaathuise in die woongebied beskikbaar te stel (foto no.24). Die huise is volgens 'n plan wat deur die munisipaliteit voorsien is, opgerig. Die Stadsraad het vir die "selfbou-huise" £250 (tweehonderd en vyftig pond) bygedra. Die eienaar moes 'n verdere £250 (tweehonderd en vyftig pond) self bydra. Die selfbouhuise is nie tussen die bestaande munisipale huise toegelaat nie. Die Nie-Blankesake Komitee het na die selfbouhuise verwys as "...a native village in the location".[108] Nieteenstaande hierdie uitbreidings kon daar nie aan die behuisingsnood voorsien word nie en gekontroleerde plakkery het vinnig toegeneem.[109] Daar is gemiddeld een plus sewe wooneenhede per erf in die ou deel van Kagiso en een plus vier wooneenhede per erf in Munsieville. Die gemiddelde bevolkingsdigdheid per wooneenheid in Kagiso is agt persone en in Munsieville is dit vyf persone. Om in die behuisingsnood van hierdie mense te voorsien, het die Stadsraad volgens sy stedelike struktuurplan 17 087 bykomende erwe in 1993 benodig.[110]

Die behuisingsnood onder Swartinwoners is verhoog deur die stadwaartse verhuising van Swartmense. Die munisipaliteit kon nie in die aanvraag na

---

106 Stadsraad, Krugersdorp, *Notule van vergadering van die Stadsraad van Krugersdorp*, 26 Mrt. 1956. Daar word vandag na hierdie uitbreiding van Kagiso verwys as Kagiso II, en na die ou Luipaardsvlei-lokasie as Kagiso I. Die woord "kagiso" is 'n Sothowoord wat "vrede" beteken, J.M. Moeketsi, Onderhoud, 23 Jun. 1998.

107 TAB, Pretoria, Plan, verw. NH39, 5 Apr. 1946; Plan, verw. NH37, 5 Apr.1946. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K2, *Kagiso* sd.

108 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/1/1, *Notule Spesiale vergadering van Nie-Blanke Komitee*, 23 Jul. 1951.

109 Gekontroleerde plakkery kan gedefinieer word as plakkerstrukture in agterplase van standplase wat onder die beheer van 'n eienaar of huurder van die standplaas staan, die sogenaamde "back-yard tenants".

110 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp, Vol. 1*, Jul. 1996, pp.99,102, 104.

behuising voorsien nie, sodat plakkerskampe, of informele nedersettings, op die periferie van sowel Kagiso as Munsieville ontstaan het. Die Pangoville-plakkerskamp by Munsieville en die Swanieville-plakkerskamp suid van Kagiso is die grootste plakkersgemeenskappe in die Krugersdorp gebied. Kagiso Uitbreiding 12 is juis geoormerk om lae-koste behuising aan inwoners te voorsien. Die Stadsraad gee geen voorskrifte ten opsigte van die tipe huis wat hier opgerig moet word nie. Baie inwoners het derhalwe begin met 'n tydelike plakkerstruktuur, wat geleidelik met 'n meer permanente struktuur vervang sal word. Die ontwikkelingsplan vir Krugersdorp maak voorsiening vir die ontwikkeling van Pangoville en Swanieville op soortgelyke wyses. Laasgenoemde sal bekend staan as Lusaka I- en Lusaka II-uitbreiding.[111]

Die tekort aan woonhuise in die Swartwoongebiede kan nie net voor die deur van die Stadsraad gelê word nie. In die sestiger- en sewentigerjare het die Nasionale Regering in die lig van die groepsgebiede ontwikkeling, besluit om eerder stedelike ontwikkeling in die tuislande en groepsgebiede naby "Blanke" stede te stimuleer. Die huurpagstelsel is in 1968 afgestel. Swartmense is ook verbied om huise in "Blanke" gebiede op te rig of te koop. Hulle is aangemoedig om huise in die tuislandstede te koop en daagliks met 'n pendeldiens na en van die werk te reis. Die ontwikkeling van behuisingskemas en woongebiede vir Swartmense in die "Blanke" gebiede is beperk. "Blanke" dorpe en stede het in die periode 1960-1970 as gevolg van die hervestiging van die Swartbevolking 'n afname in bevolkingsgetalle getoon.[112] Die voorsiening van behuising aan inwoners van Munsieville en Kagiso het derhalwe reeds in die sestigerjare as gevolg van die regeringsbeleid in 'n agterstand verval.

Gesien teen die agterstand in woningbou en diensverskaffing aan Swartgemeenskappe het die Regering na die 1976 Soweto-onluste besef dat die beleid om tuislandverstedeliking aan te moedig, misluk het. Die 99-jaar huurpagstelsel is in 1977 heringestel. Die tydperk waarin gepoog is om

---

111 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K2, *Community profile*, Jan. 1996.

112 P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking...*, pp.76,77.

Swartverstedeliking in die tuislande te stimuleer, het tot gevolg dat plakkery in "Blanke" gebiede toegeneem het omdat huise nie beskikbaar was nie. Met die opheffing van instromingsbeheer in 1986 het die stadsrade, Krugersdorp ingesluit, nie meer die agterstand in die behuisingsnood kon inhaal nie. Die gevolg is dat informele nedersettings (plakkerskampe) in goedgekeurde gebiede aanvaar en gemagtig is. In die geval van Krugersdorp geld dit vir die informele nedersettings bekend as Pangoville en Swanieville (Lusaka I en II).[113]

Behuising in die munisipale hostelle word vandag gekenmerk deur sosiale probleme soos oorbewoning en dronkenskap. Die hostelle is oorspronklik opgerig met die doel om huisvesting aan enkellopende Swartmans, meestal arbeiders in diens van die munisipaliteit, te voorsien. Die mans het aan die Rand kom werk terwyl sy gesin tuis gebly het. Hy het sy gesin periodiek besoek en van lewensmiddele voorsien. Met die verstedeliking en stadwaartse verhuising van die Swartmense, het die arbeiders se vroue, en later hulle gesinne, mettertyd by hom aangesluit, en sy huisvesting in die hostel met hom gedeel. Die gevolg hiervan is dat die hostelle vandag oorbewoon is. Disintegrasie van die gesin en gesinsverval kom algemeen onder hostelbewoners voor. Omdat die kerngesin 'n fundamentele kenmerk is van ons moderne samelewing en die basiese vereiste is vir die skepping van 'n gesonde en stabiele samelewing, wek die toestande in die hostelle kommer by die Stadsraad. Die omskepping van die hostelle in gesinseenhede word daarom as 'n oplossing van die sosiale probleme wat daar heers, in die vooruitsig gestel.[114]

Daar is reeds verwys na die munisipalewerkers wat in 'n kampong[115] by die sanitasiewerf gehuisves was. Die behoefte aan huisvesting vir ander arbeiders in diens van die munisipaliteit (paaie-afdeling en parke), het in 1927 gelei tot die oprigting van die Lewisham Hostel. Hierdie hostel het voorsiening

---

113 P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking...*, pp.99-107.

114 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council*, Jan. 1996, pp.30,31.

115 Kyk A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand, 1900-1933*, pp.154-164, vir die lewenswyse van kampongbewoners.

gemaak vir 100 wooneenhede, gemeenskaplike ablusiefasiliteite, kombuis en 'n eetsaal. In 1947 het die Stadsraad weer aansoek gedoen vir fondse van die Behuisingsraad vir die uitbreiding van die hostel om huisvesting aan 'n verdere 400 mans te voorsien. Die hostel moes in 1952 weer vergroot word as gevolg van oorbewoning. Reeds in hierdie stadium het die hostel volgens die lokasiesuperintendent dubbel die getal inwoners gehad as waarvoor ruimte beskikbaar was.[116] Die hostelbewoners is in hierdie stadium in drie hoof etniese groeperinge in die hostel gevestig. Die hostel het 'n perdehoef uitleg. Die Nguni- en Sothosprekende inwoners is in die teenoorstaande bene van die gebou gevestig. Die derde groep is as "ander groeperinge" in die ronding van die perdehoef geplaas (Kaart no.8).[117]

Kagiso is die produk van apartheid. Nie alleen is dit as 'n woongebied vir Swartmense ontwikkel nie, maar die toepassing van segregrasie in Kagiso het ook skeiding gemaak tussen die vestigingsterreine van verskillende etniese groepe.[118] Die Wet op Groepsgebiede is ontwerp om aparte woonbuurtes en handelsgebiede in munisipaliteite te skep, maar dit het hom ook geleen tot die reëling van die bevolkingspatroon van die inwoners van die gebied. Vir die doeleindes van die Wet was die bevolking in drie hoofgroepe verdeel, naamlik Blank, naturelle en die gekleurde groep. Laasgenoemde twee groepe kon onderverdeel word in subgroepe. Die regering kon dus afsonderlike etniese groepe tot subgroepe verklaar en hulle in afsonderlike groepsgebiede vestig. In die praktyk was hierdie reël bepaal deur die getalsterkte van 'n etniese groep binne 'n bepaalde plek. Die statistiek vir die etniese groepering van Swartmense in die Lewisham-lokasie en Munsieville is in die afdeling oor segregrasie aangetoon.

Met die instelling van groepsgebiede aan die Wesrand, was die munisipaliteite van Krugersdorp, Roodepoort en Randfontein se standpunt dat groepsgebiede beplanning op 'n streekbasis moes geskied (Kaart no.9). By

---

116 TAB, Pretoria, TPB, band 1318, verw. TALG 6/10876, Korrespondensie Stadsraad-Behuisingsraad insake hostel, 1946-1955; Plan *Kagiso hostel*, verw. 46,47, 12 Jul. 1947.

117 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/88, korrespondensieleêr E14, *Plan no. 10/52-53*, 4 Aug. 1952.

118 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/88, korrespondensieleêr E14, Brief Manager, Native Department-Town Clerk, Krugersdorp, 22 Mrt. 1955. Kyk ook Plan 26-53-54.

die gesamentlike ondersoek van die Groepsgebiederaad in Krugersdorp, het die Stadsraad voorgestel dat sy hele munisipale gebied, met die uitsondering van die woongebiede Munsieville en Kagiso tot 'n groepsgebied vir Blankes verklaar word. Die ontwikkeling van Kagiso as arbeidsbron vir die nywerheidsgebied Chamdor het saam met Dobsonville en Meadowlands in die Roodepoort munisipale gebied, die groepsgebied vir Swartmense aan die Wesrand uitgemaak. Die inwoners van Munsieville moes volgens 'n langtermynbeleid mettertyd na Kagiso verskuif word.[119]

Die voorgestelde sloping van Munsieville is op 27 November 1957 met die Minister van Naturellesake, dr. H.F. Verwoerd, bespreek. Die Minister het tydens die onderhoud te kenne gegee dat die sloping nie op die munisipaliteit afgedwing sou word nie, maar dat die inwoners uit oorbevolkte wonings na Kagiso oorgeplaas moes word, sowel as gesinne van gesloopte wonings, asook Swartmense wat "onwettig" in die Blanke groepsgebied gehuisves word. In 1958 was 225 gesinne uit Munsieville na Kagiso oorgeplaas. Die aantal gesinne wat onwettig in Blanke gebied gehuisves was en oorgeplaas is, het 261 beloop. Daarbenewens is ook 114 gesinne van wie die broodwinners te Krugersdorp in diens is, maar wat elders gewoon het, in Kagiso gevestig.[120]

Sloping van afgekeurde huise in private besit in Munsieville sou slegs plaasvind nadat al die eiendomme gewaardeer is en die nodige fondse vir vergoeding beskikbaar was. Die regering het toegelaat dat 25% van die koste teen die naturelle-inkomsterekening gedebiteer kan word.[121] Die inwoners van Munsieville was nie tevrede met die gedagte dat hulle na Kagiso verskuif

119 SAB, Pretoria, BAO, band 1222, verw. A16/1360, Korrespondensie en verslae insake Groepsgebiedebeplanning. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M22, *Munsieville*, sd.

120 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die jaar geëindig 9 Maart 1958*, p.2.

121 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/118, korrespondensielêer N5, Korrespondensie insake waardasie van eiendom en sloping van Munsieville, 1986. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G17, koerantknipsels en inligting oor verskuiwing van Munsieville, 1984-1986.

moes word nie, soos blyk uit die brief van Frank Moeketse wat in die *Krugersdorp Nuus* van 10 Februarie 1968 verskyn het.[122]

Die beplande sloping en verskuiwing van Munsieville het voortgesleur tot in die tagtigerjare toe 'n aantal Blanke inwoners van die aangrensende woongebied, die munisipaliteit in 'n petisie versoek het om Munsieville te sloop.[123] Die Nasionale Regering het in die lig van sy beplande hervorming, naamlik die toekenning van selfbestuur aan Swartwoongebiede onder die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, Wet no. 102 van 1982, nie die sloping van Munsieville goedgekeur nie. In plaas van sloping is daar besluit om die woongebied op te gradeer.[124] Hierdie besluit het hewige reaksie onder Blanke inwoners uitgelok en die dorp in twee groepe verdeel. Die een groep het Munsieville beskou as "... 'n onwelkome gas in die munisipale gebied...", en dit beskryf as "... 'n sweer wat verwyder moes word...".[125] Daarteenoor was daar die groep inwoners wat teen die verskuiwing was. Te midde van die polemiek was die inwoners van Munsieville oortuig dat hulle in vrede met hulle Blanke bure kon saamleef, ten spyte van die Regering se voorstel dat 'n betonmuur op die grens van die bufferstrook tussen die woonbuurtes gebou moes word. Die muur is nie gebou nie, maar twee verbindingspaaie is aan die noorde en suidekant van Munsieville gebou om as bufferstrook tussen die Blanke en Swartwoongebiede te dien. Vir die inwoners van Munsieville was dit ondenkbaar dat hulle uit hulle woongebied moes padgee nadat hulle reeds geslagte lank daar gewoon het: "People cannot just be moved about like pieces of furniture for the sake of a few whites."[126]

Ook die gemeenskap van Kagiso het teen die sloping en verskuiwing van Munsieville gereageer. In die *Sowetan*[127] van 24 April 1986 raadslid Kgongoane soos volg gereageer oor die aangeleentheid: "The Kagiso Council

122 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus,* 10 Febr. 1968.

123 Die tagtigerjare word gekenmerk deur die politieke hervormings van die nasionale regering. Die petisie kan as 'n teenreaksie teen die hervormings gesien word.

124 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M22, *Munsieville*, sd.

125 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 21 Feb. 1986. Kyk ook Briewekolom *Krugersdorp Nuus*, 15 Jan. 1988 en inligtingslêer M22, *Munsieville*, sd.

126 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Star*, 25 Mar. 1986. Kyk ook inligtingslêer M22 *Munsieville*, sd.

127 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Sowetan*, 24 Apr. 1986, p.50. Kyk ook inligtingslêer M22, verskeie koerantknipsels insake verskuiwing van Munsieville, 1986.

vigorously opposed the destroying of approximately 1000 habitable houses while there was an acute housing shortage in this area ... The people of Dan Pienaarville should start accepting that the people of Munsieville are not animals, but fellow human beings ... If they are not prepared to have black neighbours, they must move off from Dan Pienaarville to 'whites only' areas."

Die uiteinde van die polemiek was dat Munsieville nie verskuif is nie. As rede hiervoor is aangevoer: "Political and economic factors prevented the resettlement of Munsieville. No-one wanted to be party to a forced move, and the ideal of the Munsieville residents not being worse off after the move than before is beyond the financial capabilities of both the Government and the Krugersdorp Town Council."[128]

Die voorsiening van behuising aan Swart stedelike inwoners was die gesamentlike verantwoordelikheid van die Nasionale Regering en Plaaslike Owerhede. Die regering het finansiële verantwoordelikheid vir die voorsiening van behuising aan Swartmense aanvaar. Plaaslike Owerhede was verantwoordelik vir die oprigting, instandhouding, beheer en administrasie van Swart stedelike woongebiede. Die konsep dat die Swartmense net "tydelik" in "Blanke" gebiede is om sy arbeid te verkoop, het daartoe bygedra dat die kwessie van besitreg en huiseienaarskap in die Swart stedelike gebiede deur middel van wetgewing beheer is. Die verkryging van grondbesit en huiseienaarskap sou onmiddellik die beginsel van "permanentheid" bevestig, wat tot die aandrang van politieke regte kon lei. Die gevolg van die beleid is dat Plaaslike Owerhede huise op 'n naastenby eenvormige wyse voorsien het, wat 'n onmiskenbare karakter aan Swart stedelike gebiede verleen. Behalwe fisiese bewoning het die Swartmense nie die geleentheid gehad om tot die ontwikkeling van Swart stedelike gebiede by te dra nie, of om 'n persoonlike stempel daarop af te druk nie.[129] Die tipiese kenmerke van Swart stedelike gebiede is opmerklik wanneer 'n persoon deur sowel Kagiso as Munsieville ry.

---

128 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp News*, 8 Nov. 1985, p.50. Kyk ook inligtingslêer M22, *Munsieville moet weg*, 1986.

129 P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking...*, pp.78-79.

Om die behuisingsnood in Swart stedelike gebiede te verlig, is huiseienaarskap in 1976 in Swart stedelike gebiede toegelaat. Spesiale

uitbreidings is in Kagiso en Munsieville opsy gesit vir ontwikkeling deur die privaat sektor. Hierdie ontwikkeling het afgewyk van die eentonige munisipale patroon en styl, wat die aangesig van sowel Kagiso en Munsieville ingrypend verander het. Die herinstel van die 99-jaar huurpagstelsel, waarna reeds verwys is, het verdere ontwikkeling van huise in die Swartwoongebiede aangemoedig. Die huurpagstelsel is in 1986 in huiseienaarskap omskep met die promulgering van die Wet op Swartgemeenskapsontwikkeling, Wet no.74 van 1986, en Proklamasie no.1538 van 23 Julie 1986 en Proklamasie no.1898 van 12 September 1986. Die afskaffing van instromingsbeheer (Wet no.68 van 1986) en ander beperkende apartheidswetgewing in die tagtigerjare het die verstedeliking van Krugersdorp gestimuleer en die behuisingsnood van die Swartgemeenskap verder verhoog. Ondanks geweldige vordering wat in die voorsiening en kwaliteit van wonings gemaak is, bly behuising een van die mees knellende sosiale probleme waarmee die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad in 1993 gekonfronteer is.

## 4.4. DIE WOONGEBIED VIR BRUINMENSE

Krugersdorp het 'n baie klein Bruingemeenskap gehad. Die woongebied vir Bruinmense was suid van die ou Krugersdorp Begraafplaas, aangrensend aan Burgershoop, geleë. Die munisipaliteit het die grond aanvanklik onder oppervlaktepermit[130] beheer, maar dit in 1940 aangekoop vir £1350 (eenduisend driehonderd-en-vyftig pond).[131] Die woongebied vir Bruinmense is in 1942 met 8.9561 morg (7.9 hektaar)[132] vergroot.[133]

Die munisipaliteit het behuising aan die inwoners voorsien teen 'n geringe huur. Daar was geen private besit in die gebied nie. Die munisipaliteit het in

130 Die bogrondse benutting van geproklameerde mynbougrond is deur die uitreik van "oppervlaktepermitte" deur die Departement Mynwese, beheer.

131 TAB, Pretoria, TPB, band 1318, verw. TALG 8/10876, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Provinsiale Sekretaris insake behuising vir Bruinmense, 24 Apr. 1940; MKR, band 2/3/1/157, Uittreksel uit notule *Raad-in-komitee*, 26 Febr. 1940.

132 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een morg is gelyk aan 0,85632 hektaar, tabel 19.

133 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/153, korrespondensielêer H16, Brief Landmetergeneraal-Stadsklerk Krugersdorp, 8 Jun. 1942.

1924 en in 1935/36 aansoek by die Behuisingsraad gedoen vir fondse om twee- en drievertrek huise in die woonbuurt op te rig.[134] Die maandelikse huur vir tweevertrekhuise is £2/10/- (twee pond en tien sjielings). Woonpermitte het £1 (een pond) per maand gekos. Inwoners moes verder 4/- (vier sjielings) betaal vir riooldienste en £1/6/6 (een pond, ses sjielings en ses pennies) vir vullisverwydering.[135] In hierdie stadium was daar twaalf munisipale huise en 39 privaathuise in die woongebied vir Bruinmense. Die Stadsraad het 'n tender in 1936 uitgesit vir die bou van 'n verdere twaalf huise.[136]

Oorbewoning, veral in nie-munisipale huise, was 'n algemene probleem in die woongebied vir Bruinmense. In 'n opname van 10 September 1945 het die Nie-Blankesake Komitee bevind dat daar 'n tekort aan behuising vir elf gesinne is. Verskeie Bruinmense wat in Munsieville gewoon het, het ook gewag dat huise in die woongebied vir Bruinmense beskikbaar gestel moes word. Die Demobiliseringskomitee het die Stadsraad ook versoek om huisvesting aan veertien Bruinsoldate te gee. Die Openbare Gesondheid en Nie-Blankesake Komitee het daarom op 12 November 1945 aanbeveel dat die Stadsraad 'n verdere 36 huise, waarvan twaalf twee vertrekke en 24 drie vertrekke sou hê, oprig. Hierdie aanbeveling is deur die Werke- en Dorpsbeplanningskomitee gesteun ten spyte van Raadslede L. Friedman en J. Lotz se kommer dat die bou van die huise meer Bruinmense na Krugersdorp sou lok. Hulle kommer het verband gehou met die tekort aan behuising en werksgeleenthede vir Bruinmense in Krugersdorp.[137]

---

134 TAB, Pretoria, TPB , band 1317, verw. TA 6/10876, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Provinsiale Sekretaris insake behuising vir Bruinmense, 19 Sep. 1924; band 1317, verw. TA 8/10876, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Provinsiale Sekretaris insake behuising vir Bruinmense, 11 Mei 1936.

135 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensieleêr C19, *Annexture B, Municipal By-laws*, 5 Okt. 1952.

136 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/21, korrespondensieleêr A45, *Jaarverslag van Mediese Beampte*, 30 Jun. 1935.

137 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensieleêr C19, Uittreksel uit notule *Openbare gesondheid en Nie-Blankesake komitee*, 12 Nov. 1945; Uittreksel uit notule *Werke en dorpsbeplanningskomitee*, 11 Apr. 1946.

Teen 1951 het die Stadsraad £14 000 (veertienduisend pond) sedert 1945 aan behuising vir Bruinmense in Krugersdorp spandeer. Volgens die 1951 sensussyfers het die Bruinmense drie persent van die totale bevolking aan die

Witwatersrand uitgemaak teenoor die 58% van die Swartmense. Die Bruinmense is as 'n "bruin eiland in 'n swart see" gesien. As minderheidsgroep het hulle bepaalde probleme ervaar met betrekking tot woongebiede, sportfasiliteite, gemeenskapsale en werksgeleenthede. 'n Konferensie is daarom in 1951 in Pretoria gehou in die lig van die Groepsgebiedewet om aan die Bruinmense "hulle regmatige plek in die samelewing" te verseker. Die Konferensie het besluit om drie groepsgebiede vir Bruinmense aan die Witwatersrand te ontwikkel, naamlik in die Oos-, Sentraal- en Wesrand. Handelsregte in die gebiede sou slegs aan Bruinmense toegeken word. Verder het die konferensie aanbeveel dat Blanke amptenare in die Nie-Blankesake-afdeling van plaaslike owerhede met Bruinmense vervang moes word.[138]

Die ontwikkeling van Protea in die Roodepoortgebied was in opvolging van die konferensie deur die Regering gesteun.[139] Die Nie-Blankesake Komitee het hulle kommer hieroor uitgespreek omdat dit vir hulle moeilik sou wees om die munisipalehuise oor 'n afstand van 14½ myl (ongeveer 23 kilometer)[140] te beheer. Die verwagting was dat die Stadsraad die nodige aantal standplase in Protea moes koop en dan die vereiste aantal huise moes oprig.[141]

Die Bruingemeenskap het teen die voorgenome verskuiwing na Protea beswaar aangeteken. 'n Afvaardiging van vier lede, J. Muller, G. Padayachy, C. Dickson en C. Durman, is op 'n openbare vergadering, wat deur 60% van die Bruingemeenskap bygewoon is, genomineer om die besware van die

---

138 TAB. Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensieleêr C19, Notule *Konferensie in verband met Kleurlinge aan die Witwatersrand*, 30 Nov. 1951.

139 TAB. Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensieleêr C19, Notule *Vergadering insake beplanning van Kleurling woonbuurtes aan die Sentrale- en Wesrand*, 8 Febr. 1952.

140 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een myl is gelyk aan 1,60934 kilometer, tabel 7.

141 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensieleêr C19, Uittreksel uit notule *Nie-Blankesake Komitee*, 27 Mrt. 1952.

gemeenskap aan die Stadsraad oor te dra. Die besware van die gemeenskap kan soos volg saamgevat word:

- Die meerderheid Bruinmense het reeds dertig of meer jare in die woongebied vir Bruinmense gewoon en hulle daarom beskou as inwoners van Krugersdorp.
- Die gemiddelde Bruingesin was finansieël nie in staat om £1 500 (eenduisend vyfhonderd pond) te betaal vir 'n huis in Protea nie.
- Meer as 50% van die Bruingemeenskap het in Krugersdorp gewerk en om daagliks heen-en-weer te pendel sou uitgawes meebring wat die meerderheid van die inwoners nie kon bekostig het nie
- Protea was te naby aan die lokasies vir Swartmense beplan. Die algemene gevoel van die Bruinmense was dat hulle deur die Swartmense bedreig sou word.[142]
- Die Bruingemeenskap was bereid om na 'n ander lokasie te verskuif, solank die nuwe woongebied binne die Krugersdorp-munisipale gebied was.

In reaksie op die besware van die Bruingemeenskap het die Stadsraad besluit om met die munisipaliteite van Roodepoort en Randfontein te onderhandel vir die ontwikkeling van 'n beter geleë groepsgebied vir Bruinmense aan die Wesrand.[143]

Die Stadsraad het hierna 'n behuisingsleningskema vir die oprigting van ekonomiese huise vir Bruinmense ingestel. Die leningskema het behels dat Bruinmense wat hulle eie huise wou bou, 'n vasgestelde bedrag by die Stadsraad kon leen. Voorkeur is gegee aan persone wat reeds met die bouwerk begin het. Die Stadsraad het £2000 (tweeduisend pond) by die Nasionale Behuisingsraad geleen om die projek te finansier.[144]

Die Bruinmense het hulleself in 'n *Stadsvaders voordelige genootskap*

---

142 Geen verwysing na die rede vir die Bruinmense se aanname dat hulle deur die Swartmense bedreig sou word, kon gevind word nie.

143 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/58, korrespondensieleêer C19, Uittreksel uit notule *Nie-Blankesake Komitee*, 9 Aug. 1956.

144 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensieleêer C19, Brief Bestuurder Nie-Blankesake-Stadsklerk Krugersdorp, 22 Okt. 1953.

georganiseer en in 1954 tydens 'n openbare vergadering beswaar aangeteken teen die lokasieverordeninge. Die hoofprotes was teen artikel 9(b) van die skedule wat bepaal het dat alle persone ouer as 21 jaar 'n woonpermit moes uitneem. Dit het afhanklike kinders ouer as 21 jaar wat by ouers ingewoon het, ingesluit. In die praktyk het dit beteken dat die volwasse kinders uit die huise gesit is as gevolg van oorbewoning. Die "Stadsvaders" het op die herroeping van die permitstelsel aangedring. In reaksie hierop het die Nie-Blankesake Komitee die Bruin Adviesraad voor 'n ultimatum gestel: Die Adviesraad moes besluit of hulle as raad wou voortgaan en of hulle wou ontbind. Die Adviesraad het hulle van die besluit van die "Stadsvaders" gedistansieer en daarop aangedring dat hulle in beheer van sake is en nie die "Stadsvaders" nie.[145]

Ongeveer 1700 Bruinmense het in 1960 in die woongebied vir Bruinmense gewoon. 'n Verdere 263 was in Munsieville en 21 in Kagiso. Na raming het nog 113 Bruinmense verspreid in die Blanke dorpsgebied gewoon. Vergelyking van die sensusopnames van 1951 met die van 1960, toon dat daar 'n vermeerdering van slegs 2.09% in die Bruinbevolking gedurende die periode was. Hierdie geringe groei het die besluit van die Ondersoekkomitee na die instelling van groepsgebiede se aanbeveling dat die Bruingemeenskap in die bestaande woongebied onder permit moes aanbly, beïnvloed. Die feit dat die woongebied reeds oorbewoon was en dat "krottoestande" binne die gebied geheers het, het nie 'n invloed gehad op die aanbeveling nie. Die woongebied vir Bruinmense was reeds meer as sy volle kapasiteit benut. Daar was geen uitbreidingsmoontlikhede nie, tensy die Munsipaliteit van Krugersdorp bereid was om 'n gedeelte van die aangrensende nywerheidsgebied, Boltonia, vir woondoeleindes aan die Bruinmense af te staan.[146]

---

145 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensieleêr C19, Notule *Nie-Blankesake Komitee*, 6 Mei 1954; band 2/3/2/58, korrespondensieleêr C39, *Lokasieverordeninge insake Kaapse Kleurlinge*, 25 Jul. 1956.

146 SAB, Pretoria, BEP, band 188, verw. G81/119, *Verslag van ondersoek na instelling van groepsgebiede*, 4 Mei 1962, p.8. Kyk ook MKR, band 2/3/2/58, korrespondensieleêr C19, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Sekretaris van Binnelandse Sake, 18 Jun. 1951.

Groepsgebiede vir Bruinmense is by Roodepoort en Randfontein geproklameer omdat daar geen wenslikheid was vir die proklamering van 'n groepsgebied vir Krugersdorp nie. Die *Kleurling Beplanning- en Behuisingkomitee* van Krugersdorp het teen al die groepsgebiede wat vir Bruinmense voorgestel was, beswaar aangeteken omdat die afstand tussen werk- en woonplek baie groter sou wees. Die Ondersoekkomitee was egter van mening dat interne beplanning en ontwikkeling só moes geskied dat rekening gehou word met die afstand en vervoerbehoeftes van die Bruinmense. In die verslag is daarop gewys dat daar nie noemenswaardige sprake van ontwrigting vir die Bruinmense was nie. Hulle sou wel ietwat verder van publieke vervoer verwyder wees, "... maar daarteenoor sal hulle hulself op tradisionele wyse kan uitleef sonder om die gevaar te loop dat hulle in hulle eie gebied 'n steurnis vir enige ander groep is. Die groter ruimtes met alles wat dit behels en meebring, sal vergoed vir alle onvoorsiene ontberingsfaktore."[147] Dit is duidelik dat die Ondersoekkomitee redelik onsensitief was vir die behoeftes van die Bruinmense en dat hulle besware teen die verskuiwing geen gewig gedra het nie. Die Bruingemeenskap is geleidelik na Toekomsrus, naby Randfontein verskuif. Die verskuiwing was egter langsaam en die Stadsraad het verdere instandhouding van die woongebied vir Bruinmense agterweë gehou sodat die hagliker toestande nog hagliker geword het. Plakkery wat op ontruimde erwe ontstaan het, is summier platgestoot. Die woongebied vir Bruinmense in Krugersdorp is in 1979 gesloop.[148] Die enkele Bruinmense wat hulle na 1979 in Krugersdorp bevind het, was verplig om huisvesting in Kagiso of Munsieville te vind.

## 4. 5. INDIËRWOONGEBIEDE

Die *Coolie location* het in 1897 ontwikkel nadat die eerste Indiërs hulle in Krugersdorp gevestig het. Die woongebied het aan die Burgershoop Blanke woongebied gegrens. Die ligging van die woongebied naby Burgershoop

147 SAB, Pretoria, BEP, band 188, verw. G7/153, *Verslag van ondersoek na instelling van groepsgebiede*, 4 Mei 1962, pp.17 & 43.

148 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 10 Des. 1976, Kyk ook *The Star*, 26 Feb. 1979, p.5 en *Verslag van die Edelagbare Burgemeester vir die tydperk geëindig 16 Maart 1971*, p.9 vir besonderhede oor die gedwonge vestiging van die Bruingemeenskap.

stem ooreen met die algemene vestigingspatroon van die Indiërs in die Transvaal. Volgens Dinath[149] het die Indiërs as handelaars gefokus op die armer klandisie in 'n gemeenskap, wat daartoe gelei het dat hulle altyd in die omgewing van Swartwoongebiede of armblankes gevestig het. Burgershoop het sy ontstaan te danke aan die vestiging van armblankes, soos reeds gemeld, terwyl die Ou Lokasie vir Swartmense binne bereik van die Indiërwoongebied was. Twee persele in Burgershoop is deur President Paul Kruger aan die Indiërs geskenk vir die oprigting van 'n moskee. Die toestande in die woongebied was kommerwekkend. Baie van die inwoners het in krotwonings gebly. Met die uitbreek van builepes in Johannesburg in 1904 het die Krugersdorp Munisipale Raad oorweging daaraan gegee om die Indiërwoongebied af te brand en sodoende die gevaar van 'n moontlike uitbreek van builepes in Krugersdorp te voorkom. Kompensasie sou aan die inwoners betaal word vir die verlies van hulle besittings. Die Munisipale Raad het egter op 26 April 1904 besluit om nie die woongebied af te brand nie na aanleiding van 'n waardasieverslag wat deur M.K. Ghandi (foto no.25)[150] namens die plaaslike Indiërgemeenskap ingedien is. Ghandi se waardasie was aansienlik hoër as die waardasie van die Raad se geswore waardeerders. In die lig van die groot bedrag wat die Munisipale Raad as skadevergoeding aan die Indiërgemeenskap sou moes uitbetaal, het die Raad besluit om nie die Indiërwoongebied af te brand nie.[151]

Die ligging van die Indiër residensiële gebied tussen twee Blanke gebiede, Burgershoop en die nuwe Wes-Krugersdorp, het in 1907 gelei tot die ontwikkeling van 'n nuwe Indiërwoongebied oos van die Nuwe Lokasie vir Swartmense. Die standplase hier was groter en voorsiening is gemaak vir sanitasie.[152] Die Munisipale Raad was nie gemagtig om die Indiërs na die

---

149 M.Y.D. Dinath, *Asiatic population settlement in the Transvaal, 1881-1960, with spesific reference to the Johannesburg Municipality*, pp.13 en 53.

150 Gandhi was 'n advokaat uit Indië wat in 1895 die Natal Indian Congres gestig het. Sedert 1902 bemoei hy hom ook met die Indiërs in die Transvaalkolonie en lei hy die Indiërs in hulle lydelike verset teen die regering se immigrasiewetgewing. Na die promulgering van die Indiërs Verluchten Wet in 1914, wat sekere omstrede wetgewing teen die Indiërs herroep het, keer hy terug na Indië. Daar lei hy die land in verset teen Brittanje. D. Oakes, (Ed.), *Reader's Digest illustrated history of South Africa: The real story*, pp.272-277.

151 TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/1, *Minutes of Municipal Council*, 26 Apr. 1904, p.139.

152 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/3/1/1, *Notule van Algemene Sake komitee*, 4 Feb. 1907, p.388.

nuwe woongebied te verwyder nie, omdat die grond waarop die woongebied uitgelê was, aan die staat behoort het. Die Raad het daarom aansoek by die Regering gedoen vir die hervestiging van die Indiërgemeenskap.[153] Dit blyk dat die Regering eers in 1913 goedkeuring vir die sluiting van die Indiërgebied aangrensend aan Burgershoop verleen het: "On the 3rd February 1914, a letter was addressed to all reputed owners and occupiers of properties in the Asiatic Location, Burgershoop, calling attention to the fact that under Municipal Notice No. 154 of 1913, the Old Coolie Location or Asiatic Bazaar, Burgershoop, had been closed, and that the residents had no right to remain therein any longer either for the purpose of residence or trade. ... The occupiers were called upon to vacate the stands within seven days, and to put forward any claims for compensation to which they might consider themselves entitled, and it was further stated that if the stands were not vacated within seven days, the occupiers would be treated as trespassers and proceedings for ejectment would be taken without further notice." Nie een van die Indiërs het gehoor gegee aan die ontruimings kennisgewing nie. Die Stadsraad was verplig om 'n uitsettingsbevel van die hof te verkry en die Indiërs teen raadskoste te verskuif.[154]

Die uitsetting is deur A.E. Waja, 'n plaaslike handelaar, in die hof teengestaan. Hy het onder meer kompensasie van die Stadsraad geëis vir die verskuiwing van sy gebou en besittings deur die Raad. Verskeie advokate is deur die Stadsraad vir 'n regsopinie oor die aangeleentheid genader. G.T. Morice was van mening: "...that the Town Council is not liable to pay any compensation as demanded ... onbehalf of Waja unless Waja directs the removal of his buildings (which I assume to be moveable) to a plot in die New Location. According to my interpretation of the Ordinance, the Council may either remove the building or pay compensation ... it appears to me that it is in the interest of the Krugersdorp Town Council ... to fight the question." Daarteenoor was R. Gregorowski van mening dat die Stadsraad geen regsbevoegdheid gehad het om die Indiërs te dwing om na die nuwe

153 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1907*, p.16.

154 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October. 1914*, pp.18 & 23.

gebied te verskuif nie. Die Stadsraad het wel die bevoegdheid om 'n nuwe woongebied te ontwikkel, maar hy kan geen regulasies promulgeer wat verskuiwing verpligtend sal maak nie. ('n Situasie van die perd tot by die krip bring, maar hom nie kan dwing om water te drink nie!).[155]Die hofuitspraak was klaarblyklik ten gunste van die Stadsraad, want die burgemeester berig in sy jaarverslag dat "... in view of the legal actions taken by the Council practically the whole of the Asiatics left the premises."[156]

Die moskee, 'n sinkgebou, is nie uit Burgershoop verskuif nie. In 1946 is die gebou deur 'n meer permanente een vervang. Voordat daar met die bouwerk begin is, het die Stadsraad gepoog om die "standplaas" van die moskee te verskuif. Hierdie poging was nie suksesvol nie, omdat 'n moskee volgens die Islam nie na 'n ander standplaas verskuif kan word nie as dit eers eenmaal daar opgerig is nie. Die Stadsraad het hulle hierby berus.[157]

Die vestigingspatroon van die Indiërgemeenskap het sedert hulle aankoms in Krugersdorp weinig verander. Wetgewing, veral gedurende die periode 1921 tot 1936, was daarop gemik om die Indiërs tot die woongebiede te beperk en indringing in Blanke woongebiede te voorkom. Geen voorsiening was gemaak vir die uitbreiding van die Indiërwoongebiede nie. Die gevolg was dat die gebied oorbewoon geraak het namate meer Indiërs hulle in Krugersdorp kom vestig het, sodat die gebied in 'n krotbuurt ontwikkel het. As gevolg van die beperkinge wat wetgewing op die bewegings van die Indiërs geplaas het, was dit baie moeilik om van die een dorp na 'n ander, of van een provinsie na 'n ander, te verhuis. Uitkomkans uit die swak maatskaplike toestande was gering, want "... the majority of the Asiatics who came to the Transvaal came as traders. The traders set themselves up in business .... The scarcity of goods and supplies made it necessary for all customers to travel to the towns for supplies. It was not necessary for Indian traders to shift their locations because their numerous hawkers could cover most distances in the rural

---

155 TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/1/1, *Asiatic Location-Burgershoop: Opinion*, 6 Mrt. 1911.

156 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914*, p.19.

157 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A12, *Azaadville*, sd. Kyk ook TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/1, Brief Stadsingenieur-Stadsklerk Krugersdorp, 15 Febr. 1913 en 14 Apr. 1913.

areas. There was therefore during these early years no reason to antagonize the government to seek new areas."[158] Die geringe indringing in die Blanke gebied wat voorgekom het, was ten opsigte van besighede, byvoorbeeld M.M. Dadoo wat 'n besigheid met woongeriewe in Markstraat geopen het.[159]

Die Indiërgemeenskap het hulle op 'n wettige wyse in Krugersdorp gevestig. Die toekenning van standplase vir die oprigting van 'n moskee in Burgershoop is 'n bewys dat hulle teenwoordigheid deur die ZAR-regering aanvaar is. Die Indiërs is deur middel van wetgewing aangemoedig om tot die handel toe te tree en sekere gebiede is spesifiek aan hulle vir hierdie doel toegeken.[160] Die Nasionale Regering het sedert 1939 die grondregte van Indiërs drasties ingekort en in 1946 die Wet tot beperking van handel en okkupasie van grond, aangeneem. Indiërs is ingevolge hierdie wetgewing verbied om verder grond in die Transvaal en Natal aan te koop. Die optrede van die regering het tot lydelike verset en burgerlike ongehoorsaamheid aan die kant van die Indiërs gelei. Hulle het ook 'n afvaardiging na die Verenigde Nasiesorganisasie (VNO) gestuur en so die eerste van talle vraagstukke rakende Suid-Afrika se rassebeleid na dié internasionale liggaam geneem. Apartheid van rassegroepe was in 1948 die grondslag van die Nasionale Party se verkiesingsveldtog. Na die bewindsoorname van die Nasionale Party het statutêre apartheid aanleiding gegee tot 'n gemeenskaplike stryd teen die regeringsbeleid waarin die optrede van die Swart-, Indiër- en Bruingemeenskappe moeilik van mekaar geskei kan word.[161]

Die Stadsraad het tussen 1933 en 1949 deurlopend met die Indiërgemeenskap onderhandel vir die ontwikkeling van 'n handels- en woongebied aan die noordekant van die markplein. Die Indiërgemeenskap het voorgestel dat die nuwe woongebied bekend moes staan as Dadooville.[162] Die Stadsraad het reeds in 1940 by die Behuisingsraad aansoek gedoen vir 'n lening van

---

158 M.Y.D. Dinath, *Asiatic population settlement in the Transvaal ...*, p.73.

159 TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/3/1, *Regsopinie insake bouplanne vir nuwe winkelkompleks vir M.M. Dadoo Beperk*, 6 Febr. 1939.

160 SAB, Pretoria, BEP, band 188, verw. G.7/153, *Verslag van Ondersoekkommissie insake instelling van groepsgebiede, Krugersdorp*, 21 Aug. 1964, p.3.

161 B.K. Murray & A.W. Stadler, "Van die Pakt tot die begin van apartheid, 1924-1948, T. Cameron & S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p.266.

162 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/4/1/24, *Notule van die Werke- en Dorpsbeplanningskomitee*, 23 Nov. 1945, p.10.

£16 000 (sestien duisend pond) vir die behuising van dertig Indiërgesinne. Hierdie gesinne was vasgevang in oorbewoonde omstandighede in die Indiërwoongebied. Die enigste alternatief was om hulle in Blanke woongebiede te vestig, as die leningsaansoek nie suksesvol was nie.[163] Die lening is nie toegestaan nie, waarskynlik as gevolg van die ekonomiese klimaat tydens die Tweede Wêreldoorlog. Die korrespondensie gee egter geen aanduiding waar die gesinne uiteindelik gevestig is nie. Die aanname word gemaak dat die betrokke gesinne in Boltonia gevestig is, omdat dit die terrein is waarheen die Indiërskool en -sportgronde in 1953 verskuif het.[164] Die Stadsraad het in die lig van die groepsgebiede-ontwikkeling, net voor die proklamering van Dadooville, die onderhandelinge beëindig en die Blanke residensiële gebied Quelleriepark in die plek daarvan ontwikkel.[165]

In sy voorstel vir die ontwikkeling van 'n groepsgebied vir die Indiërgemeenskap, het die Stadsraad voorgestel dat die Indiërs op die plaas Rietfontein no. 48, wat reeds tot 'n groepsgebied verklaar is, gevestig moes word. Lenasia en Lentz is as alternatiewe voorgestel. In hierdie stadium was die Indiërs verspreid in Krugersdorp gevestig, met konsentrasies in Burgershoop, Boltonia en oos van die markplein. Die meerderheid Indiërs was nie gewillig om van hulle bestaande okkupasie afstand te doen nie.[166]

Die Ondersoekkommissie na die instelling van groepsgebiede het op 4 Mei 1962 aanbeveel dat die Indiërgemeenskap vir woondoeleindes op 'n streekbasis op Rietfontein no. 48 geplaas moes word, maar dat Indiërsakemanne binne die gebied begrens deur Kommissarisstraat, Markstraat, Rissikstraat en Kerkstraat vir handelsdoeleindes in Krugersdorp saamgetrek word.[167]

---

163 TAB, Pretoria, TPB, band 1319, verw. TA 12/10876, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Behuisingsraad, 20 Apr. 1940.

164 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensieleêr I3, verskeie korrespondensie insake verkuiwing van skool, 1950-1956. Kyk ook SAB Pretoria, BEP, band 188, verw. G.7/153, *Verslag van Ondersoekkommissie insake instelling van groepsgebiede, Krugersdorp*, 21 Aug. 1964. Die verskuiwing van die skool en sportgronde word in hoofstuk tien bespreek.

165 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A12, *Azaadville*, sd.

166 SAB, Pretoria, BEP, band 188, verw. 82/119/3, *Verslag van ondersoek na instelling van groepsgebiede*, 4 Mei 1962, pp.9-11.

167 SAB, Pretoria, BEP, band 188, verw.G7/153, *Verslag van ondersoek na instelling van groepsgebiede*, 4 Mei 1962, p.3.

Advokaat I. Mohamed het namens die Krugersdorp Indiërgemeenskap en die *Burgershoop-Krugersdorp Islamic Institute* beswaar aangeteken teen die beslissing van die Ondersoekkommissie.[168] Hy het betoog dat daar geen wenslikheid bestaan het vir die proklamering van groepsgebiede in Krugersdorp nie, omdat:

- " dit nie tot voordeel van die gemeenskap sal strek nie;
- dit 'n onregverdige en partydige resultaat sal oplewer;
- daar nie geskikte alternatiewe akkommodasie vir die Indiërhandelaar beskikbaar is of gestel word nie;
- die skema nie prakties uitvoerbaar is nie."

Hy het sy betoog gegrond op historiese beslissings ten gunste van die Indiërgemeenskap en dat die beoogde verskuiwing ontsettende ontbering vir die gemeenskap sou meebring; veral 'n verlies aan inkomste omdat 90% van die Indiërs se handel geskied het met Blankes. Daarby was die munisipale waardasie van die Indiëreiendomme ongeveer R410 000, terwyl die markwarde daarvan R1 380 000 beloop het. Hierdie was verliese wat die Indiërs, soos enige ander gemeenskap, nie kon bekostig het nie.

Die aanbeveling van die Ondersoekkommissie is in 1963 geïmplementeer en Azaadville[169] is op Rietfontein no. 48 as woongebied vir Indiërs aan die Wesrand aangelê. 'n Verdere 8,6 hektaar is in 1978 by die bestaande 85,6 hektaar van die woongebied gevoeg en teen 1984 het die beskikbare grond versadigingspunt bereik. Die Stadsraad van Krugersdorp het van verskillende ontwikkelingsmaatskappye in die privaatsektor gebruik gemaak in die verskaffing van behuising aan Indiërs in Azaadville. 'n Totaal van 300 gedienste standplase is op hierdie wyse verkoop aan aansoekers wat op 'n waglys van die Stadsraad geregistreer was.[170]

Onder die Nasionale Party Regering het die Groepsgebiede wetgewing verdere beperkings op die vestigingspatroon van die Indiërs geplaas. Wetgewing het die Indiërs verhoed om uit die groepsgebiede te trek en elders

---

168 SAB, Pretoria, BEP, band 188, verw.G7/153, *Verslag van ondersoek na instelling van groepsgebiede*, 4 Mei 1962, pp. 9-12

169 "Azaad" is 'n Urdu-woord wat "vryheid" beteken. I. Dasoo, Onderhoud, 13 Aug. 1998.

170 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A12, *Azaadville, algemene inligting*, sd.

onder beter omstandighede te vestig. Die vestigingspatroon het verander na 'n stedelike vestiging, maar as gevolg van die verstedelikingsproses het Azaadville digter bevolk geraak, maar nie uitgebrei nie. Pogings om die inwoners oor 'n wyer gebied te versprei, was nie suksesvol nie. Geen verligting is dus verkry vir die maatskaplike druk wat met verstedeliking gepaard gegaan het nie.

Azaadville het in 1993 'n tuiste aan baie Indiërs gebied. Dit word beskryf as 'n elitewoonbuurt vir die middel tot hoër-ekonomiese groepering, alhoewel dit ook ekonomiese en sub-ekonomiese behuising aan laer-inkomste groepe voorsien. Die groeipotensiaal van die woongebied is in 'n westelike rigting, alhoewel die beskikbare ruimte vir verdere uitbreiding beperk is.[171]

## 4.6. SJINESE VESTIGING IN KRUGERSDORP

Die eerste Sjinese het hulle kort na die ontdekking van goud aan die Rand kom vestig. Hulle het meestal 'n heenkome gevind as handelaars en in die bedryf van wasserye. Hulle is vanweë hulle Asiatiese herkoms saam met die Indiërs in die "Coolie Location" gevestig. Wetgewing wat vir die Indiërs gegeld het, was ook op die Sjinese van toepassing. Van die 1618 Sjinese wat in 1936 in die Transvaal woonagtig was, het 35 in Krugersdorp gewoon. Volgens Yap en Man was dit moeilik om rassesegregrasie ten opsigte van die Sjinese toe te pas, ten spyte daarvan dat hulle duidelik as 'n etniese groep herkenbaar was. Die Sjinese se getalle was altyd baie klein. "They lived and traded on the fringes of all race groups" volgens Yap en Man.[172]

Die Stadsraad van Krugersdorp het ook geen voorstelle aan die Ondersoekkommissie na die instelling van groepsgebiede in die vyftigerjare gemaak ten opsigte van die Sjinese in sy midde nie, omdat die getal Sjinese inwoners baie min was. Die algemene gevoel was dat die Sjinese saam met die Indiërs gegroepeer moes word. Daar is egter aanbeveel dat lede van die Sjinese gemeenskap wat in die munisipale gebied woon en handel drywe,

---

171 Stadsraad, Krugersdorp, *Minute of the fifth general meeting of the third Executive Committee, 26 March 1997*, Item A(29) 3/97 "Report on the formulation of Land Development Objectives (LDO's) for Krugersdorp", pp.17-18.

172 Yap, M. & Man, D.L., *Colour, Confusion and Concessions: The history of the Chinese in South Africa*, p.230.

toegelaat moes word om onder permit aan te bly waar hulle reeds gevestig was.[173]

## 4.7. SLOTOPMERKING

Moderne Krugersdorp het gegroei uit 'n skamele 200 standplase in 1887, tot 'n gesogte residensiële dorp met ongeveer 178 000 inwoners teen 1991. Hiervan woon 43% in (ou) Krugersdorp, 44% in Kagiso, 4% in Azaadville en 9% in Munsieville. Die bevolkingsamestelling[174] vir Krugersdorp volgens die 1991-sensusopname is:

| | |
|---|---|
| Swartmense | 101 257 |
| Blankes | 54 617 |
| Indiërs | 4 176 |
| Bruinmense | 1 089. |

Die opvallend kontras tussen die spogwonings (foto no. 26) van die hoër-inkomstegroepe en die huise van die laag besoldigdes (foto no.27) is sprekend in Krugersdorp.[175] 'n Reis deur die residensiële gebiede dra die sosio-kulturele nalatenskap van 'n politieke era van Blanke dominasie in die munisipale bestuur van Krugersdorp oor. Die vlakke van welwaart word duidelik in die behuising van die inwoners weerspieël, maar dit getuig ook van die dorp se vooruitgang en dinamiese groei. Die opheffing van die groepsgebiede wetgewing en nuwe politieke bedeling sedert 1993 het nie 'n dramatiese "instroming" van Nie-Blankes na tradisioneel Blanke residensiële gebiede tot gevolg gehad nie. Vestiging het eerder geleidelik geskied sodat die eerstydse Blanke gebiede in 1998 nog as oorwegend "wit' beskou kan word. Die algemene sosio-ekonomiese posisie van die meerderheid Swartmense en die hoë werkloosheid wat onder hulle voorkom, kan as rede

173 SAB, Pretoria, BEP, band 188, verw. 82/1,19/3, *Verslag van ondersoek na instelling van groepsgebiede*, 4 Mei 1962, p.13.

174 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban Structure Plan for the Greater Krugersdorp*, Volume 1, p.68. Die bron verskaf geen statistiek met betrekking tot die aantal Sjinese wat in 1991 in Krugersdorp woonagtig was nie.

175 Die huise wat in fotos no.26 en foto no.27 afgedruk is, dateer albei uit die periode 1904-1910. Die "Van Blommenstein-huis" in De Wetstraat, Distriksdorp het aan Burgemeester Gerrit van Blommenstein behoort. Die hartbeeshuisie is in Kagiso I. Dit word vandag nog bewoon, alhoewel die Stadsraad reeds in 1954 opdrag gegee het dat dit gesloop moet word, waaraan nie gehoor gegee is nie. Die oorspronklike eienaar van die hartbeeshuisie is 'n Swartmense met die naam "Abraham".

hiervoor aangevoer word. Die meerderheid Swartmense kon dit tot datum nie bekostig het om in die hoër sosio-ekonomiese gebiede te woon nie.[176]

Die bestuursontwikkeling van Krugersdorp weerspieël die landspolitiek van die dag. Die toepassing van nasionale wetgewing het onderskeid getref in die wyse waarop die Blanke ruimtelik in die ontwikkeling van Krugersdorp bevoordeel is. Grondbesit en die reg om handel te dryf, was die primêre elemente wat die vestigingspatroon beïnvloed het. Onder die Nasionale Party Regering het die groepsgebiede wetgewing verdere beperkings op die vestiging van Nie-Blankes geplaas. Die algemene vestigingspatroon van Krugersdorp het verander na 'n stedelike vestigingspatroon, alhoewel baie besoekers vandag steeds getref word deur die behoudende plattelandse atmosfeer.

Uit die vestigingspatroon van Krugersdorp het sosio-kulturele patrone ontwikkel waarin die Swartmense se lewenspatroon gekenmerk word deur ekonomiese nood. Daar word ook in die algemeen maatskaplik op hulle neergesien as gevolg van hulle vestiging in 'n "lokasie" en omdat hulle afhanklik is van ekonomiese behuising en plakkery. Plakkernedersettings is 'n spontane vorm van behuising en 'n onvermydelike newe produk van stedelike groei. Die effekte van plakkery kan met behulp van selfhelpskemas en basies dienslewering beheer word, maar die verskynsel kan nie as sodanig uitgeskakel word nie.[177]

Maatskaplike verdeling onder Blanke inwoners is opmerklik. Daar is 'n duidelike verskil tussen die welgestelde elite en die armblankes. Die swak sosio-ekonomiese omstandighede waaronder die armblanke verkeer, het die funksionaliteit van die inwoners negatief beïnvloed. In die algemeen word die inwoners van die betrokke gebiede as milieugestremd beskou met weinig toekomsgerigtheid. Die feit dat die armblanke verplig was om hom vanweë ekonomiese druk in minder gegoede woonbuurtes van Krugersdorp te vestig, versterk enersyds die minderwaardigheidsgevoel van die armblanke, en andersyds die meerderwaardigheidsgevoel van die welgesteldes.

---

176 C. Kruger, Onderhoud, 5 Febr. 1998.

177 I.J. van der Merwe, *Die stad en sy omgewing...*, p.225.

Die Indiërgemeenskap het randstandig gestaan teenoor sowel die munisipale owerheid as die Blanke gemeenskap. Die Indiërsakelui was voortdurend in konflik met die munisipaliteit oor hulle regte om handel te dryf in sogenaamde Blanke gebiede, terwyl die Blanke die grootste persentasie van sy klandisie uitgemaak het. Blanke inwoners het die Stadsraad gesteun in sy optrede teen die Indiërs, maar aan die anderkant was dit veral die Indiërsakemanne van Burgershoop wat die armblankes in hulle nood bygestaan het.

Die groeitempo van Krugersdorp het maatskaplike probleme soos werkloosheid, armoede, swak woonomstandighede, oorbewoning en gesondheidprobleme onder al die bevolkingsgroepe tot gevolg. Baie inwoners het as gevolg van werkloosheid baie vrye tyd tot hulle beskikking, maar die fasiliteite vir konstruktiewe vryetydbesteding ontbreek. Hierteenoor dra die feit dat Krugersdorp vir baie van sy inwoners slegs 'n "slaapdorp"[178] is, by tot 'n apatiese houding teenoor dit wat in Krugersdorp gebeur, veral ten opsigte van kulturele betrokkenheid. Die maatskaplike probleme wat met die stedelike groei van Krugersdorp gepaard gaan, is tipiese verskynsels van verstedeliking wat ook by ander stede in Suid-Afrika en die wêreld voorkom, of voorgekom het.

Die nalatenskap van die groepsgebiede ontwikkeling in Krugersdorp is die gebroke vestigingspatroon en oneweredige verspreiding van ekonomiese welvaart wat dit tot gevolg het. Die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp is in 1993 gekonfronteer met 'n geweldige uitdaging om in die behuisingsnood van die laer ekonomiese groepe te voorsien. Die segregrasie tussen die noordelike en suidelike ontwikkeling moet ook ruimtelik oorbrug word om ekonomiese groei in Krugersdorp aan te moedig.[179]

Aansluitend by die toekomstige ruimtelike ontwikkeling, is die integrering van die meer landelike periferie by die totale ontwikkelingsplan van

178 Die verwysing "slaapdorp" het hoofsaaklik betrekking op die Blanke gemeenskap wat in Krugersdorp woon, maar elders op die Witwatersrand werk. Dit impliseer dat die gemeenskap op 'n daaglikse basis na en terug van die werk pendel, waarna in hoofstuk ses verwys word.

179 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugaersdorp,* Volume 1, Jul. 1996, p.105.

Krugersdorp. Landelike gebiede soos Muldersdrif val sedert 1993 binne die munispale grense van Krugersdorp. Hierdie gebiede voorsien Krugersdorp van 'n "groen long"[180] en daarom moet daar in die ontwikkeling van munisipale dienste aan die landelike gebiede, gewaak word teen die verstedeliking van die gebiede. Die Stadsraad wil dat die landelike atmosfeer behoue moet bly terwille van die gebied se onontbeerlike bydrae tot rekreasie.[181]

In die veelrassige samelewing van Krugersdorp was die verskillende bevolkingsgroepe, soos elders in Suid-Afrika, nie in dieselfde mate by verstedeliking betrokke nie. Die wisselwerking tussen politieke en ekonomiese kragte het daartoe bygedra dat die verstedelikingspatroon etnies skerp gedifferensieerd is. Ekonomiese dryfvere kan as die grootste faktor in die verstedelikingsproses van Krugersdorp uitgesonder word, alhoewel die verstedeliking van die Swartgemeenskap deur middel van wetgewing deur die Blanke beheer en gerig is. Die Indiër- en Bruingemeenskappe het groter ekonomiese vryheid geniet, maar as gevolg van hulle minderheidsgetalle het die verstedeliking van hierdie gemeenskappe nie so 'n groot impak op die ontwikkeling van residensiële gebiede in Krugersdorp uitgeoefen nie.

180 Die "groen long" verwys na 'n aaneengeskakelde park en natuurgebied wat by die meer landelike gebied van Muldersdrift aansluit. Die boomrykheid van hierdie gebied is kenmerkend. Bome speel 'n belangrike rol in die ekologie van die stedelike omgewing.

181 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council*, Jan. 1996, p.13.